# A F D E L I N G B.

## HOOFSTUK II.

## DIE INVLOED VAN DIE ENGELSE ONDERWYSSTELSEL OP DIE ONTWIKKELING VAN DIE KAAPSE ONDERWYS. 1806 - 1905.

### 1. Inleiding.

Die Afrikaanse en Engelse volke behoort tot dieselfde rassegroep. Albei is spruite van Germaanse stamme. Die Diets-Britse taal- en volksverwantskap is heel nou. Die verskille van aard, kultuur en temperament moet in 'n groot mate aan verskille van omgewing, rigtings van ontwikkeling en ander bestaansomstandighede toegeskryf word. Kultuurbetrekkinge tussen die Afrikaner en die Brit neem sterk toe en bly feitlik ononderbroke gehandhaaf. 1)

#### (a). Die Hollandse Gedagte.

Met die koms van Johan van Riebeeck in 1652 is 'n gemeenskap aan die Kaap gevestig wat die Hollandse taal gepraat het en wat hulle lewe hier sover moontlik ingerig het na die maatskaplike instellings waaraan hulle in die vaderland gewoond was. Hulle het die Protestantse geloof beoefen, vasgehou aan al die oorgeërfde gebruike en lewensreëls en het die Hollandse gedagte van die blanke beskawing verteenwoordig. 2).

Die vryheid van die Nederlandse nasie was deur Prins Willem van Oranje so stewig gegrondves, dat 'n nuwe loot van daardie stam hier in Suid-Afrika so heg kon wortelskiet, dat 'n vreemde oorheersing dit tot op die huidige dag nog nie kon dooddruk nie. 3).

Hier het dus 'n nuwe loot van die Hollandse stam ontstaan, maar gepaard daarmee het die Hollandse taal gaandeweg 'n ander vorm aangeneem. Dit is 'n taalvorm wat op Afrikaanse bodem ontstaan het; die begin van 'n nuwe taal, gegroei uit die

---

1. Van den Heever en Pienaar: Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, Deel 1, 219-220.
2. Nienaber: Die Genootskap van Regte Afrikaners Herdenk, 8.
3. Engelbrecht: Geskiedenis van die Ned.Herv.Kerk van Afrika, 1.

siel van die volk.[1]

Onafskeidelik hieraan verbonde was die kragtige dadedrang en gloeiende geloofsywer. Die groepie mense aan die Kaap moes hulle by omstandighede aanpas. Alhoewel die groepie nedersetters se sentiment aanvanklik op die moederland gevestig gebly het, het hulle langsamerhand met hierdie aarde vergroeid geraak.[2]

Later het Franse en Duitse elemente bygekom en 'n eie atmosfeer is in Suid-Afrika geskep. Daar het liefde vir die eie bodem ontstaan en 'n eenheidskrag het die belange van die groepe saamgetrek. Die Afrikaanse gedagte is so gebore. Hierdie gedagte het onbewus gewerk en so het 'n eie Afrikaanse volkskarakter ontstaan. In die 17de en 18de eeue het hierdie volkskarakter steeds verder ontplooi en die skepping van eie waardes het daarmee gepaard gegaan. Die besef van die Afrikaanse nasieskap het saamgeval met die ontwaking, en daarmee ook die besef van die kulturele waarde van Afrikaans as taal.[3]

Die eerste merkwaardige ontwikkeling, bekend as die Patriotbeweging, kan beskou word as die grondlegging van die bewuste nasionale en republikeinse strewe, 'n duidelike ontkieming van 'n Suid-Afrikaanse nasionale bewussyn en 'n staatkundige en onafhanklikheidstrewe, wat die grondslae van die politieke en konstitusionele opvattings sou wees.[4]

Tesame met die uitbreiding van die kolonie val die afsondering van die beskawing. Gereëlde kontak met die Europese beskawing het verlore gegaan, maar die koloniste het vaster gegroei in die eie bodem. Die Bybel het hulle lewe gerig op godsdienstige en sedelike skoonhede. Hier is die grondslag gelê vir 'n Boerebeskawing en wanneer die ontwortel-

---

1. Bosman: Oor die Ontstaan van Afrikaans, 122-123.
2. Van den Heever: Die Afrikaanse Gedagte, 15.
3. Ibid., 15 - 16.
4. Van den Heever en Pienaar: Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, Deel I, 222-223.

ingstroom begin, sal hy telkens hierteen stuit. Aan die begin van die 19de eeu volg die skok, toe Engeland met sy angliseringsbeleid begin het. Dit was die konflik waaruit spanning gebore is.[1)]

Reeds teen die einde van die 18de eeu kan Suid-Afrika dus daarop aanspraak maak dat hy aan die wêreld 'n nuwe volk, die Afrikanervolk, gelewer het.[2)]

(b) Die Engelse Gedagte.

Die geskiedenis van die Afrikanervolk, veral ten opsigte van die betrekking tussen Boer en Brit, is in meer as een opsig in die eerste Patriotbeweging weerspieël. Die stryd wat hom teen Van Plettenberg, Boers en ander kompanjiesdienare ontvou het, was baie meer as 'n stryd tussen vryburger en amptenaar. Sluysken, Gordon en die res van die amptenaarsklas het vreemd gestaan teenoor die volksgevoel. Saam met Prins van Oranje het hulle Suid-Afrika as 'n vreemde moondheid uitgelewer. Onder hierdie renegate vind ons name soos Frans Bresler, Cloete, Truter, van Reenen, W.S. van Ryneveld en De Vos. Craig skryf oor hulle soos volg: „Persons who have distinguished themselves by an open activity in favour of his Majesty's interests."[3)]

In 1806 is die Kaap opnuut as 'n Britse gewes verower en daarmee het die Engelse gedagte finaal sy intrek in die Kaap geneem.[4)]

Die Afrikaners was nou 'n verowerde volk, wat in die Britse wêreldryk ingeskakel is. As sodanig is hulle politieke aspirasies nie alleen in die kiem gesmoor nie, maar ook hulle politieke ontwikkeling is op alle moontlike maniere gestrem. Die veroweraar was daarop uit om die Kaap nie alleen in naam nie, maar ook in wese Brits te maak.[5)]

---

1. Van den Heever: Die Afrikaanse Gedagte, 16.
2. Van den Heever en Pienaar: Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, Deel I, 52.
3. Van den Heever en Pienaar: a,w., 223.
4. Nienaber: Die Genootskap van Regte Afrikaners Herdenk, 10.
5. Van den Heever en Pienaar: a.w., 52.

Dit moes noodwendig tot hervormingspoginge en daaruitvoorvloeiende botsings lei. Die gevestigde blanke bevolking was eentalig Hollandssprekend, maar die heerserklas, wat al die sleutelposisies beset het, was eentalig Engelssprekend.[1)]

Deurdat die Engelse die land besit en regeer het, is by hulle rasgenote ŉ sterk gevoel van eie waarde en selfs meerderwaardigheid gewek, wat weer ŉ spoorslag was om hulle eie geestesgoedere, soos hulle taal, godsdiens, nasionale gewoontes en leefwyse hoog te hou en uit te leef. Ten spyte daarvan dat hulle aanvanklik ŉ klein persentasie van die vaste blanke bewoners gevorm het, was die Engelse van die begin af ŉ kragtige beskawingsfaktor en hulle het hulle invloed laat geld.[2)]

Gepaard hiermee gaan die feit dat die kulturele bande met Nederland die een na die ander verbreek is, terwyl die nuwe kolonie op alle maniere hegter aan die Engelse moederland gebind is.[3)]

Dit het voor die hand gelê dat van owerheidsweë nie net pogings aangewend is om Britse koloniste hierheen te bring nie, maar ook om die Britse gedagte onder die andertalige blanke inwoners te laat ingang vind. Dit is bereik deur ŉ aantal verordeninge wat die indringing van Engels beoog het.[4)]

Met die oog op die sleutelposisis van die Kaap was die Engelse bewindhebbers beslis om hulle gesag aldaar te handhaaf. Een van die metodes was dan ook die bevordering van Engelse onderwysbelange om op die wyse ŉ houvas op die Kaapse jeug te kry en so die Britse gesag geleidelik te bestendig. Die eenheidsbeginsel by die Brit het die verengelsing van die Kaapse skoolwese in die hand gewerk sonder inagneming van die struikelblokke daaraan verbonde. Die gevolg was dat stilstand

1. Nienaber: Die Genootskap van Regte Afrikaners Herdenk,10.
2. Nienaber: a.w., 11.
3. Ibid.
4. Ibid.

ingetree het en vanaf die veertigerjare is die beleid van „peaceful penetration" gevolg.[1)]

2. Die De Mist-periode: 1803-1806.

(a) Die Skoolorde van De Mist.

Histories. Vanaf 1795 tot 1803 was die Kaap onder Britse tussenbewind ŉ periode wat in die onderwysgeskiedenis geen noemenswaardige veranderinge ondergaan het nie. Die Skolarge, bygestaan deur die Burgersenaat, het die onderwyssaak behartig.[2)]

Met die vrede van Amiens op 27 Maart 1802 moes die Kaap aan Nederland teruggegee word en wel aan die Bataafse Republiek.[3)]

Die leeueaandeel van die oorname van die Kaap het op J.A. de Mist geval, wat vir sy tyd ŉ buitengewone kennis van onderwyssake gehad het. Sy begaafdheid en deursig blyk uit sy vooruitstrewende beskouinge en voorstelle, wat saamgevat is in die tweede deel van ŉ memorandum wat hy as lid van die „Raad van Besittings in Asië" oor ŉ bestuurstelsel in die Kaap opgestel het.[4)]

Sy deeglike ondersoek van toestande aan die Kaap en sy uiteindelike stelsel van onderwys het nie alleen die klare bewys van sy bekwaamheid gelewer nie, maar ook werklik die belofte van ŉ doeltreffende nasionale stelsel van onderwys ingehou.[5)]

Die maatskappy waarvoor De Mist ŉ onderwysstelsel moes ontwerp, was geensins homogeen nie. Daar was die verskillende klasse, wat verskil het wat betref beskawingspeil. So was daar die meer beskaafde en bevoorregte inwoners van Kaapstad, die landbouende bevolking in die omgewing van Kaapstad en die

---

1. Van Wyk: Die Invloed van die Engelse Skoolwese op die Kaapse Skoolwese, 39.
2. Du Toit: Onderwys aan die Kaap onder die Bataafse Republiek, 1.
3. Cory: The Rise of South Africa, Vol.I, 117.
4. Van den Heever en Pienaar: Kultuurgeskiedenis, Deel II, 308.
5. Ibid., 308.

aangrensende distrikte en die minder verligte en heeltemal verwaarloosde veeboere in die grensdistrikte en op die voorposte.[1)]

Met behulp van die pasgestigte „Maatschappy tot Nut van 't Algemeen" het De Mist hulle inligting met sy idees met ŉ onderwysbeleid saam geformuleer, wat tot dusver „Elendig om nie te zeggen Nul" was.[2)]

Die Kommissaris wou nie die opvoeding langer op hierdie los en onbevredigende manier laat voortgaan nie. Daarom het hy sy Ordonnansie opgestel.

(b) Invloede van buitelandse idees op die skoolorde van De Mist.

(i) Engelse Invloed.

Nadat die Kaap in 1803 aan die Bataafse Republiek teruggegee is, het daar saam met die nuwe owerhede ook nuwe idees op die voorgrond getree. Die onderwys sou spoedig met hierdie nuwe idees in aanraking kom. Om hierdie beweging in sy volle omgang te verstaan, is dit noodsaaklik om die tydgees, wat die Europese samelewing omstreeks die jaar 1800 beheers het, kortliks te skets.

In die 18de eeuse Europese samelewing het daar ŉ geestelike omwenteling plaasgevind wat as die „Verligting" bekend gestaan het.[3)]

Soos in die tweede Renaissance-tydperk het die mens hom afgewend van die geloofswaarhede soos God dit in Sy Woord geopenbaar het. Die kerk is nog gewaardeer as ŉ instelling, wat die menslike onsterflikheid verkondig het op ŉ wyse wat verstaanbaar was vir die Rede. Terwyl die 17de eeuer die aardse lewe as ŉ voorbereiding vir die ewige lewe beskou het, staan sy 18de eeuse nakomelinge daar as mense wat die aarde as hul-

---

1. Du Toit: Onderwys aan die Kaap onder die Bataafse Republiek, 17.
2. Ibid., 18.
3. Hayes: A Political and Cultural History of Modern Europe, Vol. I, 148.

le tuiste geskou. Die lewe op aarde het hoofsaak geword en in hierdie lewe kon die mens, gelei deur ervaring en verstand, sy hoogste bevrediging vind in die harmonie tussen sy eie individuele verlangens en die van sy soortgenote.[1)]

Om aan die nuwe behoeftes van die aardse lewe te kan voldoen, het die aanhangers van die nuwe stroming onder andere na nuwe onderwysmetodes begin soek. Hulle het gereken dat die omstandighede so gunstig moontlik gemaak moes word vir die ontwikkeling van die menslike persoonlikheid.[2)]

In die 18de eeu was hierdie gedagtes nie meer iet nuuts nie, want vir die voorafgaande eeu het die Engelse wysgeer John Locke die waarde van kennis, berustende op ervaring, reeds beklemtoon.[3)]

Hier was die sleutel van die geheim waarna die aanhangers van die Verligting gesoek het. Toegepas op die geloof, het die leer van Locke ŉ radikale verandering teweeggebring. Die mens het van die bo-natuurlike probeer loskom en na ŉ vorm van geloof op ŉ redelike basis gesoek. Behalwe hierdie aspek was daar nog die strewe na ŉ algemene Christendom bokant geloofsverdeeldheid, ŉ aspek wat in die 19de eeu ook die onderwys en opvoeding sou beïnvloed. Een van die belangrikste doelstellings van die onderwys was om die jeugdige mens op te voed tot ŉ pligsgetroue volwassene, wat in staat sou wees om sy plek in die samelewing as ŉ volwaardige individu te kan inneem en om ŉ nuttige staatsburger van hierdie wêreld te wees.[4)]

Die Nederlandse samelewing het vanselfpprekend nie aan die nuwe invloed ontkom nie. Veral politieke en kerklike ontevredenes het die nuwe gedagtes gebruik as ŉ nuwe wapen in hulle stryd om lotsverbetering.[5)]

---

1. Ploeger: Inleiding tot die Studie van die Grondslae van die C.N.O. in Suid-Afrika, 7.
2. Ibid.
3. Ibid., 8.
4. Ibid.
5. Beyers: Die Kaapse Patriotte, 183.

Met die doel om hierdie ondraaglike toestand te verander, het verskeie persone hulle beywer om 'n middel uit te dink waardeur die onkunde en sedeloosheid gedeeltelik uit die weg geruim kon word. Onkunde in verskeie „nuttige wetenschappen heeft onder veelen onzer werkende landgenooten plaats Velen van hen zullen mogelyk niet in staat zyn, om de aanwesigheid van God en de Waarheid van den Christelyken Godsdienst voor te stellen, noch hunne pligt als mensch, als burger, en als Christen te beseffen, noch kennis hebben van andere kunsten en wetenschappen, die hen tot nuttige lede der maatschappy, tot braave opvoeders en verzorgers hunnen kinderen en huisgenooten kunnen maken".[1)]

(ii) Franse Invloed.

Die Franse Rewolusie het die ou bestaande tradisie op die gebied van opvoeding en onderwys uitgewis.[2)]

Reeds in die eerste onderwyswet van die rewolusionêre tydvak in 1791 is 'n veranderde doelstelling waargeneem. Daar is deur Talleyrand, die ontwerper van die wet, beweer dat die onderwys een van die takke van die staatsorg was en dat die skole kweekplekke vir die vorming van nasionale kultuur moes wees.[3)]

Die nasionale opvoeding moet elkeen 'n kans gee om die talente, wat hy van die natuur ontvang het, te ontwikkel en om bewuste staatsburgers te vorm.[4)]

Ten einde hierdie doel te kon bereik, is nog in dieselfde jaar die invloed van die kerk op onderwysgebied uitgeskakel. Geestelikes is verbied om langer onderwys te gee.[5)]

In 1795 is dan ook in 'n nuwe onderwyswet veral klem gelê op middelbare skole, die spesifieke opvoedings- en onderwysinrigtings vir die gegoede burgerklas.[6)]

---

1. Hofmeyer: Het Leven van Jan Hendrik Hofmeyer, 17.
2. Reisner: Nationalism and Education, 9.
3. Ibid., 13.
4. Ibid., 26.
5. Ibid.
6. Ibid., 29.

In Nederland het die onderwyswetgewing tydens en kort na die Franse Rewolusie duidelike spore nagelaat. In 1795 het die vroeër roemryke Nederlandse Republieke tot niet gegaan en sy opvolger, die Bataafse Republiek, is aan Frankryk onderhorig gemaak. Aanhangers van die Franse gedagte het in hierdie Republiek die leiding gehad en vanuit die Franse hoofstad is noukeurig op die gang van sake in die Bataafse Republiek gelet. Franse of Fransgekleurde wette sou feitlik vanselfsprekend hulle intrede in die Nederlandse vasalstaat doen. So was die Bataafse grondwet van die jaar 1798 'n weergawe van die Franse grondwet van die Jaar III.[1]

In hierdie grondwet is onder andere bepaal dat die volk van die Bataafse Republiek eis dat verligting en beskawing soveel moontlik bevorder moet word.[2]

3. Engelse Onderwys in die 19de Eeu in soverre dit die Kaapse Onderwys in daardie Tydperk beïnvloed het.

(a) Godsdienstige toestand in Engeland.

(i) Opkoms en Invloed van die Metodisme op die Opvoeding.

Die rasionalisme van die 18de eeu moes plek maak vir die gevoel, wat in die 19de eeu ontkiem het.

Rousseau het met sy leuse: „terug na die natuur" die stryd begin. Leiers en propagandiste verheerlik die natuur, die krag en vryheid van die mens word besing en geïdealiseer. Hierdie gees van vryheid het tot die verste uithoeke van die aardbol verbrei.[3]

'n Reaksie teen die rasionalisme het in Engeland aan die einde van die 18de eeu ontstaan, 'n godsdienstige herlewing, bekend as die Metodisme, „a great religious movement unparalled on the continent - the last Protestant movement, which has given birth to permanent institutions".[4]

---

1. Colenbrander: De Bataafse Republiek, 134.
2. Ibid., 270.
3. Hayes: A Political and Cultural History of Modern Europe, Vol. I, 543.
4. Halevy: A History of the English People, 339.

Die sektes aan die een kant en die Anglikaanse kerk aan die ander kant het dwarsdeur die 19de eeu in 'n onderlinge stryd verkeer en dit het 'n groot invloed op onderwysgebied uitgeoefen. Die agterlikes en ongeletterdes veral het verbeterde onderwysfasiliteite ontvang.[1)]

(ii) Onderwys van Private Inisiatief.

Die onderwys in Engeland in die begin van die 19de eeu is gekenmerk deur die gebrek aan 'n algemene beleid. Dit was in die hande van godsdienstige en filantropiese liggame. Die vooruitgang op die gebied is nie aan die belangstelling van die staat toegeskryf nie, dog aan private inisiatief.[2)]

Private inisiatief is verwesenlik in private Godsdiensskole, dameskole, industriële skole, Sondagskole, kleinkinderskole en monitorskole.

(iii) Die Amminístrasie en Beheer van die Onderwys.

In die begin van die 19de eeu het Engeland geen noemenswaardige primêre onderwysstelsel gehad nie. In 1807 is van staatsweë ook belangstelling in die onderwys getoon, toe Whitbread 'n wetsontwerp in die Laerhuis ingedien het vir 'n skool in elke gemeente. Kinders tussen sewe en veertien jaar moes vir twee jaar 'n kursus deurloop in lees, skryf en reken.[3)]

Die wetsontwerp is afgestem en ook die van Lord Brougham in 1820. Laasgenoemde het ook probeer om die onderwys te hervorm deur 'n wetsontwerp vir gemeenteskole in te dien.[4)]

In 1833 het Roebuck weer die stryd vir onderwys voortgesit en sy voorstel het voorsiening gemaak vir verpligte onderwys tussen sewe en veertien jaar en vir die oprigting van staatsweë van gewone primêre, industriële, aand- en Sondagskole, asook 'n inrigting vir die opleiding van onderwysers. Verder moes Engeland in skooldistrikte verdeel word, met ten minste een skool vir elke distrik. Elke skool sou 'n plaaslike

---

1. Halevy: A History of the English People, 457.
2. Ibid., 460.
3. Van Wyk: Die Invloed van die Engelse Skoolwese, ens., 20.
4. Balfour: The Educational Systems of Great Britain and Ireland, 2.

komitee besit. 'n Kabinetsminister sou die beheer uitoefen, nuwe skole stig, toelaes toeken en leerplanne vir die volkskole opstel. Daar sou nie slegs lees, skryf en rekene onderrig word nie, maar ook kuns, musiek, sang, geskiedenis, wetenskap, higiëne en burgerkunde.[1]

Daar het heftige teenstand ontstaan, want die staatsbeheerde onderwys sou alle private inisiatief ondermyn en die voorstel is gevolglik verwerp.[2]

Vir die eerste maal in die geskiedenis van Engeland is in 1833 'n bedrag van £20,000 vir onderwys gestem en dit was vir die oprigting van skoolgeboue. Die protes hierteen was net so heftig.[3]

In die begin was daar geen instelling om die finansies te beheer nie en is die toelaes eers aan die „National Society" en die „British Foreign Society" oorhandig.[4]

Die nuwe komitee, wat die oorsprong van die latere onderwysdepartement was, is eers op 10 April 1809 benoem.[5]

(b) Geleidelike Staatsinmenging in die Onderwys.

(i) Die Vrywillige Beginsel van Onderwys 1809-1865.

Die funksie van die staat as sodanig was vir eeue lank net om die verdediging van die ryk en die juridiese handhawing waar te neem. Met die opkoms van demokrasie egter het dit noodsaaklik vir die staat geword om hom met die onderwys ook te bemoei, sodat die bevolking met die konkurrerende volke tred kon hou.

In 1803 is die eerste wysigingswet aangeneem waardeur die onderwyser se salaris verhoog is.[6] Dog die staatsonderwys het hewige protes uitgelok, want dit het teen bestaande ge-

---

stnnde ingedruik:
1. De Montmorency: State Intergention in English Education, 325 e.v.
2. Halevy: A History of the English People, 108.
3. Balfour: a.w., 2.
4. Ibid., 5.
5. Van Wyk: Die Invloed van die Engelse Skoolwese....,26.
6. Balfour: The Education Systems of Great Britain and Ireland, 134.

toestande ingedruis: „to look upon it exclusively as a civil function, and to attempt to set up a purely state system as in Prussia or the United States".[1]

Die benoeming van 'n spesiale komitee vir onderwys was 'n belangrike stap in die rigting van staatsonderwys, maar hulle is met groot agterdog bejeën.

Na die Graham-voorstel in 1843 afgestem is, wat voorsiening vir verpligte onderwys wou maak en waarvolgens die onderwyser 'n lid van die Anglikaanse kerk moes wees, is die onderwys aan vrywillige liggame oorgelaat, wat hulle alleen die reg van toesig toegeëien het.[2]

Hierdie optrede van die staat het 'n lang reeks onderhandelinge ten gevolge gehad tussen die „National Society" en die Spesiale Komitee, met die gevolg dat in 1858 oorgegaan is tot die benoeming van die Newcastle-onderwyskommissie wat moes rapporteer oor onderwyssake en oor watter maatreëls gevolg moes word.[3]

(ii) Die Newcastle-Onderwyskommissie 1858-1861.

Dit was vanselfsprekend dat die staat, weens sy groter finansiële bydraes tot die ontwikkeling van die onderwys sedert 1833, alhoemeer seggenskap verkry het. In 1856 is die komitee van die Geheime Raad in 'n onderwysdepartement omskep en voorsiening is gemaak vir die benoeming van 'n minister van onderwys.[4]

In 1858 is die Onderwyskommissie benoem, onder die leiding van die Hertog van Newcastle. Na 'n driejarige sitting het hulle verslag uitgebring. Daar was nie ooreenstemming nie, sodat die regering dit nie wenslik geag het om die bevindings in wetgewing vas te lê nie. Om egter orde in die onderwys te skep, is alle bestaande regulasies opgehef en deur

---

1. Birchenough: History of Elementary Education in England & Wales, 74.
2. Ibid., 85-90.
3. Ibid., 108.
4. (a) Ibid., 107;
   (b) Balfour: a.w., 14-15.

die „Hersiene Kode" van 1861 vervang.[1]

Hierdie „Hersiene Kode" het die volgende belangrike beginsels in die Engelse onderwysbeleid ingevoer:

(i) Die Payments-by-Results"-stelsel: Volgens hierdie stelsel het die toelaes van die skole van die skoolbesoek afgehang, en ook onderhewig aan die eksamenuitslae van elke individuele leerling in lees, skrif en rekene. Die drie vakke het dus skerper op die voorgrond getree en die kulturele vakke is op die agtergrond geskuif.

(ii) Indeling volgens standerds: Dit is 'n regstreekse uitvloeisel van die „Payment-by-Results"-stelsel. Die inspekteurs het, om die taak te vergemaklik, 'n indeling van die leerlinge laat plaasvind. Die leerlinge is volgens hulle ouderdomme in standerds ingedeel.

(iii) Toelaes volgens skoolbesoek: Reeds in 1853 het die staat volgens 'n minute van 2 April 1853 'n hoofdelike toelae van 4/- tot 6/- vir 'n seun en 3/- tot 5/- vir 'n dogter toegestaan, op voorwaarde dat daar minstens 75% van die leerlinge by inspeksie teenwoordig is. Die kommissie het egter nog nie verpligte skoolbesoek aanbeveel nie, omdat hulle die ouers nie wou kortwiek in hulle werk nie.[2]

(iv) Status van die onderwyser: Die status van die onderwyser as staatsamptenaar is verhoog en alle hoofdelike toelaes is aan die plaaslike beheerliggame uitbetaal, wat dan direk met die onderwysers onderhandel het.[3]

(v) Godsdiensonderrig. Dit het 'n probleem vir die kommissie gebly, dog hulle het aanbeveel dat die bestaande reëlings gehandhaaf moes word. Die gevolg was dat dit in die rigting van niesektariese onderwys voortbeweeg het.[4]

(c) Vestiging van 'n Nasionale Onderwysstelsel 1865-1902.

Die invoering van die Hersiene Kode is skerp gekritiseer en die stryd het vir volgende 30 jaar voortgeduur om die stelsel uit die Engelse skole te weer. Intussen is 'n nuwe regeringskommissie benoem om verslag oor onderwyssake te lewer. Hulle het bevind dat die toestand benard was. W.E. Forster, die nuwe vise-president van die onderwysdepartement, het derhalwe 'n memorandum aan die kabinet voorgelê en hierop is die

1. Birchenough: History of Elementary Education in England & Wales, 112.
2. (a) Ibid., 108-118;
(b) Balfour: The Educational Systems of Gr. Britain & Ireland, 17-19.
3. Van Wyk: Die Invloed van die Engelse Skoolstelsel...,33.
4. Ibid.

„Elementary Education Act" vah 1870 gefundeer.[1]

(i) Die Onderwyswet van 1870.

Die wet het die volgende beginsels beliggaam:

> Nie-sektariese onderwys, deur die uitskakeling van kategetiese onderrig en die erkenning van die reg van die ouer om sy kind aan sektariese onderwys te onttrek; verkiesing van skoolrade deur stemgeregtigde belastingbetalers in alle skooldistrikte. Dit is die oorsprong van die sogenaamde „Board Schools"; heffing van plaaslike belastings deur skoolrade waar die skoolfonds ontoereikend was; skoolrade kon, met goedkeuring van die onderwysdepartement, bywette passeer om ouers te verplig om hulle kinders tussen vyf en dertien jaar skool toe te stuur; na 31 Maart 1871 sal geen staatstoelae aan skole toegestaan word nie, behalwe aan die openbare elementêre skole.[2]

Hierdie onderwyswet was ʼn belangrike mylpaal in die Engelse onderwysgeskiedenis, want dit het ʼn stelsel van elementêre skole in die lewe geroep wat deur die staat georganiseer, ondersteun en beheer is. Dit was wel ʼn stelsel van openbare onderwys, maar nog geen nasionale stelsel wat alle skole ingesluit het nie, want die vrywillige bywoning is nie deur die wet opgehef nie en die skole was gewoonlik sektaries van aard.[3]

(ii) Die Ontwikkeling van die Openbare Skoolstelsel.

Verpligte en Vrye Onderwys.

Vanaf 1870 is daar veral drie groot idees wat in die onderwyswêreld opgang gemaak het,

> naamlik dat elke individu die reg het op gelyke onderwysgeleenthede;
> dat onderwys ʼn opleiding tot burgerskap is en
> dat die regte soort onderwys die grondslag van nasionale voorspoed vorm.[4]

Aangesien onderwys so ʼn vername rol in die gemeenskap speel, het die opvatting dat verpligte onderwys noodsaaklik is, alhoemeer ingang gevind.[5]

---

1. Birchenough: History of Elementary Education in England and Wales, 119-128.
2. Van Wyk: Die Invloed van die Engelse Skoolwese....,34.
3. Birchenough: a.w., 129.
4. Basson: Die Britse Invloed in die Transvaalse Onderwys,41.
5. Birchenough: a,w., 137.

Die Onderwyswet van 1876.

In 1876 is die „Elementary Education Act" deurgeloods, waarkragtens ouers verplig was om toe te sien dat hulle kinders van vyf tot veertien jaar behoorlike elementêre onderwys in lees, skrif en rekene ontvang. Geen kinders onder tien jaar mog werk nie, tensy so 'n kind standerd IV deurloop het, of ten minste 250 skoolbesoeke per jaar vir vyf jaar voltooi het. Waar geen skoolrade bestaan het nie, is voorsiening vir die benoeming van skoolbesoekbeamptes gemaak.[1)]

Die Onderwyswet van 1880.

Hierdie wet wou die skoolbesoek verder verhoog en het aan alle plaaslike onderwysliggame, en by gebrek daaraan, aan die onderwysdepartement die reg verleen om bywette te maak om alle kinders onder 7 jaar te verplig om die skool te besoek. Daar is ook verder bepaal dat geen kind tussen tien en dertien jaar sonder 'n bepaalde sertifikaat in diens geneem kon word nie.[2)]

Die Lord Cross-onderwyskommissie van 1886.

Na die verdere uitbreiding van die kiesreg deur die Reformwet van 1884 is weer 'n kommissie benoem om ondersoek in te stel na die werking van die onderwysaktes. Die kommissie het vervolgens 'n strenger toepassing van die regulasies ten opsigte van verpligte skoolbesoek aanbeveel en die volgende wetgewings is in die loop van die jare ingevoer:

Die Tegniese Onderwysakte van 1889:[3)] Op aanbeveling van die kommissie is in 1889 deur hierdie akte opdrag aan die „Country and County Borough Councils" gegee om behoorlike voorsiening in tegniese en handwerkonderrig te maak.

Die Kode van 1890: Die onderwys moes verder as lees, skrif en rekene gaan en daarom is in 1890 voorsiening gemaak vir ver-

---

1. Balfour: The Educational Systems of Great Britain & Ireland, 28-30;
   Birchenough: History of Elementary Education in England & Wales, 124.
2. Van Wyk: Die Invloed van die Engelse Skoolwese....,35.
3. Birchenough: a.w., 163.

pligte onderwys in tekene in skole ~~vir~~ seuns. Die onderrig in liggaamsoefening, wetenskap en handwerk is ook sterk aanbeveel.[1]

Die Vry-onderwyswet van 1891: 'n Noodsaaklike gevolg van verpligte skoolbesoek was natuurlik vrye onderwys. Demokratiese denkbeelde het die idee van vrye onderwys vir almal bevorder. Die gevolg was die „Free Schooling Elementary Education Act", wat die reg aan ouers gegee het om op vrye onderwys vir hulle kinders aanspraak te maak.[2]

Gepaard met die vrye onderwys het gegaan die verhoging van die ouderdomsgrens vir verpligte skoolbesoek tot 14 jaar of standerd V.[3]

Die „Bryce Commission on Secondary Education" 1894. As gevolg van die ongeorganiseerde sekondêre onderwysbeleid en om oorvleueling tussen die elementêre en sekondêre onderwys te voorkom, is weer eens 'n kommissie benoem om 'n beleid neer te lê. Die kommissie het 'n ministerie van onderwys aanbeveel om alle staatsdepartemente, wat oor sekondêre onderwys handel, te beheer.[4]

Afskaffing van die „Payments-by-Results"-Stelsel in 1897. As gevolg van die annbeveling van die „Cross-Commission" in verband met die stelsel van „Payments-by-Results" is daar in 1900 'n nuwe kode ingestel, waardeur eenheidstoelaes vir die hele skool ingevoer is. Hierdeur het die individuele eksamens en die betaling van die „Payments-by-Results" verdwyn, want dit het gesonde onderwys gestrem.[5]

Die „Board of Education Act" van 1899. Die „Board of Education Act" in 1899, was slegs 'n voortsetting van die „Committee of Coundil of Education", wat in 1839 gestig is. As gevolg van die aanbeveling van die „Bryce-kommissie" ten guaste van die

---

1. Van Wyk: Die Invloed van die Engelse Skoolwese....,36.
2. Birchenough: History of Elementary Education in England & Wales, 150-161.
3. Van Wyk: a.w., 36.
4. Birchenough: a.w., 168
5. Ibid., 172.

konsolidasie van die onderwys-administrasie, is die „Board of Education Act" van 1899 gepasseer, waardeur die onderwysdepartement omskep is in 'n sentrale onderwysraad, naamlik die „Board of Educ tion."[1]

Die „Balfour Education Act." 1902. As gevolg van die tweeledige onderwysstelsel vanaf 1870, naamlik van vrywillige skole onder kerkbeheer en die regeringskole onder skoolrade, het daar wrywing ontstaan. 'n Menigte onderwysliggame (skoolrade en skoolkomitees) het ontstaan om beheer oor die sekondêre en tegniese onderwys uit te oefen. Die Balfour-wet wou 'n einde aan die gedesentraliseerde onderwysbeheer maak en alle onderwys onder munisipale beheer plaas. Hierdie wet is ook deurgeloods en die skole is spoedig onder munisipaliteite geplaas.

Op die gebied van godsdiensonderrig is alle leerstellige onderwys uitgeskakel en in die geval van vrywillige skole is dit in die hande van plaaslike skoolkomitees gelaat.[2]

Aan die munisipaliteite is die reg verleen om belastings te hef om skole aan die gang te hou. Ook kon hulle die afsonderlike skole in hulle gebiede onder die beheer van plaaslike skoolkomitees van ses lede elk plaas.[3]

Met die Balfour-wet van 1902 is nie-sektariese onderwys as beleid van Brittanje vasgelê. Hierop is ook verder gebou vir 'n vaste Britse onderwysstelsel en veral is die stelsel as rigsnoer en grondslag geneem vir die vaslegging van die onderwysbeleid en beheer van die Kaapkolonie. Die Engelse onderwysstelsel is dan ook vir die Kaapkolonie in Transvaal gevestig met sy kulminasiepunt in die Smutswet van 1907. „This brought the Transvaal and the Free State into line with the organisation in the Cape Colony.[4]

---

1. Birchenough: History of Elementary Education in England & Wales, 172.
2. Van Wyk: Die Invloed van die Britse Skoolstelsel...37-38.
3. Ibid., 37-38.
4. Pells: The Story of Education in South Africa, 90.

(d) Invoering van die Britse Nasionale Onderwysstelsel aan die Kaap 1806-1839.

(i) Inleiding.

In 1806 het die Kaapkolonie opnuut van eienaar verwissel. Vir die tweede keer het die Britse gesagdraers hulle verskyning gemaak. De Mist het as verteenwoordiger van die Bataafse Republiek Europese gedagtes en stelsels aan die Kaap ingevoer. Redelikerwyse kan daar van die Britse bestuurders dieselfde verwag word. Hulle het ook doelbewus daarna gestreef om in ooreenstemming met die gees van die tyd die Kaapse bevolking op te voed tot selfbewuste, vaderlandsliewende burgers. In hierdie geval was „vaderlandsliewend" vasgekoppel aan die nuwe vaderland van die Kaapse bevolking, naamlik Groot Brittanje. Dat hierdie proses van aanpassing in die loop van die tyd 'n slegte klank in die Suid-Afrikaanse geskiedenis gekry het, is nie te wyte aan die uiting van die tydgees nie, maar allereers aan die metodes wat deur die Britse owerheid toegepas is om hulle doelstelling te verwesenlik.

Dat die proses van aanpassing slegs gedeeltelik geslaag het, vind sy oorsaak in die feit dat hier sprake was van aanpassing van twee verskillende kulture wat in wese te veel verskil het om 'n natuurlike, vrywillige proses van aanpassing moontlik te maak. Die faktor van dwang het die laaste moontlikheid tot sukses laat misluk, want dit is hierdie dwang wat uiteindelik gelei het tot die groot uittog, naamlik die Groot Trek.

In teenstelling met die eerste Britse tydperk (1795-1803) word die tweede periode na 1806 gekenmerk deur 'n doelbewuste strewe van die nuwe heersers om van die Kaap 'n Engelse Kolonie te maak.[1)]

Doelbewus is daar maatreëls getref om die Afrikaners te verengels en van die begin af het die bedreiging van verengelsing oor die hoof van die koloniste gehang.[2)]

1. Du Toit: Onderwys in Kaapland, 66-67.
2. Scholtz: Die Afrikaner en Sy Taal, 5.

(ii) Onderwystoestande onder Caledon.

Na die oorname van die Kaap in 1806 het die Meisieskool, die Latynskool en agt gewone Hollandse skole, onder die onderwyskommissie geressorteer. Hierdie toestand is verander toe ŉ Engelse skool opgerig is met T. Doughty as onderwyser.[1] Verder was die onderwyskommissie geneë om die Engelse idee aan die Kaap uit te dra, en om met die skole saam te werk om Engels te laat onderrig.

Die tekort aan onderwysers is aangevul deur ontslane Britse soldate aan te stel: „Persons professing to teach English were licensed without examination."[2]

(iii) Cradock se Onderwysstelsel.

Met die oorgawe van die Kaap aan Brittanje op 10 April 1806 is in art. 8 van die „Voorwaardes" bepaal dat: „The Burghers and Inhabitants shall preserve all the Rights and Privileges which they have enjoyed hitherto; Public Worship as at present in use shall also be maintained without alteration."[3]

„Maar het duurde niet lang, eer deze voorwaarde vergeten word of eenvoudig verontachtzaamd."[4]

Weens die onsekere toestande in Europa is die Kaap tussen 1806-'14 ontwikkel onder die sluier van imperialisme en daar is nie openlik met ŉ beleid van verengelsing voor die dag gekom nie.[5] Die reg van die Hollandssprekendes om hulle eie taal te gebruik, het spoedig verdwyn. Hollands is gou uit die amptelike kringe verdring en Engels het die enigste offisiële taal geword. Hoewel Cradock gelas het dat staatsamptenare ŉ kennis van die Hollandse taal moes besit,[6] het hy positief op die bevordering van die Engelse taal aangedring. In ŉ

---

1. Du Toit: Onderwys in Kaapland, 63.
2. Gesiteer: Van Wyk: Die Invloed van die Engelse Skoolwese, 41.
3. Theal: Records of the Cape Colony, Vol.V, 264.
4. Hofmeyr en Reitz: Het Leven van Jan Hendrik Hofmeyr, 158.
5. Du Toit: A.w., 66.
6. Theal: History of South Africa, 316-317.

brief van F.E. Turr, 'n groot yweraar vir Engels, wat Cradock tot hoof van die „Grammar School" in Kaapstad benoem het, het hy die onderwys van Engels beklemtoon en gewaarsku dat geen amptenaar in die staatsdiens aangestel moes word wat Engels nie deeglik ken nie. Dit het duidelik geblyk dat Engels die hooftaal in die administrasie van die land moes word.[1)]

Die verspreiding van Engels onder die Boerebevolking het by Cradock so swaar geweeg dat hy 'n addisionele vergoeding van 100 Rds. aan onderwysers met 'n kennis van Engels toegestaan het.[2)]

<u>Die Kosterskole</u>. Cradock was geneig om Engels by die jeug te bevorder. Maar die uitvoering van sy plan sou met baie moeilikhede gepaard gaan, wnnt die onderwys was nog baie agterlik. Die toestande op die platteland was selfs nog erger as in Kaapstad. Op aandrang van Cradock moes onmiddellik daadwerklike stappe gedoen word om 'n reorganisasie van die skoolstelsel te bewerkstellig. As redmiddel wou hy weer die onderwys ten nouste aan die kerk verbind. Die reedsbestaande Gemeenteskole moes gereorganiseer word èn koster-onderwysers moes diens doen. Hierdie skole is toe Kosterskole of „Church Clerk Schools" genoem. Hulle het onder die onmiddellike toesig van die kerkraad gestaan en is deur die skoolkommissie beheer met die regering as hoogste gesag.[3)]

<u>Die Monitorskole na Analogie van die Monitorskole in Engeland.</u>

Imperialisme en die angliseringsbeleid het al meer en meer in die Kaapse volkslewe en onderwys posgevat. Die onderwysbeheer is meer op die Engelse lees geskoei en Britse onderwysmetodes is doelbewus ingevoer. Die religieuse ontwaking in Engeland het weerklank aan die Kaap gevind. Die strewe van die Engelse Regering aan die Kaap was dan ook om Bybelstudie en 'n opvoedingstelsel in die lewe te roep. Na ana-

1. Theal: Records of the Cape Colony, Vol. IX, 37-39.
2. Du Toit: Onderwys in Kaapland, 68.
3. Ibid., 64-65.

logie van die „Society for promoting Christian Knowledge" en die „Society for the propagation of the Gospel" in Engeland is hier die „Bible and School Commission" gevorm.[1]

Die goewerneur is as beskermheer benoem en die predikante is versoek om in noue voeling met die kommissie te bly om sodoende die belange van die gemeentes te bevorder.[2]

Die doel van Cradock was nie net die aanleer van Engels nie, maar óók om die onderwys in die Engelse rigting te stuur deur die invoering van die Monitorskole, ooreenkomstig die metodes van Bell- en Lancaster.[3]

Hierdie beleid is deur Lord Charles Somerset verskerp in sy poging om die angliseringsproses met mening deur te voer.

4. <u>Die Onderwys aan die Kaap gedurende die Somerset-regime.</u>

In 1814 is Cradock deur Lord Charles Somerset opgevolg en tot 1820 is géén maatreëls van ingrypende aard getref om die Kolonie sy Hollandse karakter te ontneem nie. Engeland het egter tyd nodig gehad om te herstel van die skok van die langdurige Napoleontiese oorloë. Soos sal blyk, het die omstandighede waarin die volksplanting in sekere opsigte verkeer het, Somerset se taak besonder vergemaklik.[4]

Na die Verdrag van Londen in Augustus 1814, waarby die Kaap deur Nederland formeel aan Engeland afgestaan is, was Engeland vry om enige hervorming, wat hy nodig mag ag, openlik in te voer. Vervolgens kon Somerset voortaan openlik optree as die bevorderaar van Britse belange in Suid-Afrika en die Kaap beheer as „an integral part of the Colonial Dominion of Great Britain".[5]

Dit was Somerset, die onversetlike imperialis, wat die anglisasiebeleid aan die Kaap vasgelê het. Sy beleid was drieledig, naamlik: sentralisasie, immigrasie en anglisasie.

---

1. McKerron: A History of Education in South Africa, 19.
2. Malherbe: Education in South Africa, 62.
3. Ibid., 63.
4. Scholtz: Die Afrikaner en Sy Taal, 9.
5. Du Toit: Onderwys in Kaapland, 68.

Sy proklamasie van 5 Julie 1822 weerspieël sy hele beleid. Omdat Somerset se anglisasiebeleid so 'n diepgaande invloed op die latere onderwysgeskiedenis uitgeoefen het, word die proklamasie hier aangehaal:

> "Whereas it has been deemed expedient, with a view to the prosperity of this Settlement, that the language of the Parent Country should be more universally diffused, and that a period should now be fixed, at which the English language shall be exclusively used in all judicial and official Acts, Proceedings, and Business within the same. The long and familiar intercourse which has happily taken place between the good Inhabitants of this Colony and the very numerous British-born Subjects, who have established themselves, or have been settled here, has already greatly facilitated a measure which is likely still more closely to unite the loyal Subjects of their Common Sovereign.
>
> The System which I have previously adopted, with a view to this exigence, of employihg British-born Subjects, conversant in both languages, in the parochial duties of the Reformed Regligion, as established in this Colony has likewise paved the way to the amelioration now contemplated.
>
> It has pleased His Majesty most graciously to approve that measure, and to enable me to act more extensively upon it, not only by having commanded Clergyman of the Established Church of Scotland, (whose religious tenets are precisely similar to those of the Reformed Church of this Country) who have received instruction in the Dutch language, in Holland to be sent hither, to be placed in the vacant churches, but by having authorised competent and respectable Instructors being employed at public expence, at every principal place throughout the Colony, for the purpose of facilitating the acquirement of the English language to all classes of society.
>
> These teachers having now arrived, the moment appears favourable for giving full effect to His Majesty's Commands; and I therefore, hereby order and direct, by Virtue of the Power and Authority in me rested, that the English language be exclusively used in all Judicial Acts and Proceedings, either in the supreme or inferior Courts of this Colony, from the first day of January, of the year of our Lord, One Thousand Eight Hundred and Twenty-seven; and that all official Acts and Documents, of the several public Offices of the Government, (the Documents and Records of the Courts of Justice, excepted) be drawn up and promulgated in the English Language, from and after the 1st day of January, One Thousand Eight Hundred and Twenty-five; and that all Documents prepared and issued from the Office of the Chief Secretary to this Government be prepared in the English Language, from and after the 1st Day of January next, in the Year of our Lord, One Thousand Eight Hundred and Twenty-three; from and after which periods, respectively the English Language shall, in such judicial and official Acts and Proceedings, be exclusively adopted."[1]

---

1) Theal: Records of the Cape Colony Vol XIV, 452-453.

Die Britse owerheid het tereg gevoel dat die beste middel vir hulle doelstrewinge die onderwys was. Somerset se anglisasiebeleid op onderwysgebied het dan ook reeds voor die oprigting van die Somersetskole begin. In 1821 is dr. George Hough as hoof van die Latynskool benoem, want die rektor moes die Engelse taal volkome magtig wees. Die skool is in die „Grammar School" omskep en die betrekkinge met die „Bible and School Commission" is verbreek. Dit was die eerste produk van 'n staatskool en die voorloper van die Somersetskole.[1)]

Gedurende dieselfde jaar waarin Somerset die bogenoemde proklamasie uitgevaardig het, het hy ook die knoop deurgehaak en sy stelsel van „English Free Schools" ingevoer waarin ingevoerde Engelse en Skotse skoolmeesters die eerste onderwys aan Afrikaanssprekende kinders sou gee. „His aim was to Anglicise the colonists. The Actual outcome of his efforts was for the most part diametrically opposed to the ends he had in view."[2)]

Op 14 Februarie 1821 skryf hy aan Goulburn, die ondersekretaris van Koloniale Sake: „It being extremely desirable that the children of the Colonists residing in the Country Districts at the Cape of Good Hope should bave the means of obtaining the English Language. I take the liberty of submitting to Earl Bathurst the Expedience of having all the schools in the Colony conducted by English Masters."[3)]

Hierdeur wou hy die Engelse taal in die Kolonie uitbrei, en die maniere van die koloniste verbeter.[4)]

Bathurst het selfs aan die Kaapse Goewerneur die wenslikheid van die spoedige invoering van Engels as enigste amptelike taal van die Kolonie voorgelê.[5)]

Net na Somerset se proklamasie het dan ook die eerste

---

1. Van Wyk: Die Invloed van die Engelse Skoolwese, 47.
2. (a) Du Toit: Onderwys in Kaapland, 69.
   (b) Pells: The Story of Education in S.A. 22-23.
3. Scholtz: Die Afrikaner en sy Taal, 13.
4. Ibid.
5. Du Toit: Onderwys in Kaapland, 69.

ses onderwysers wat „Instructors of the English Language" genoem is, geland. Hulle is doelbewus deur die Britse Regering uit Engeland en Skotland ingevoer om die ideale ten opsigte van Engels, soos in sy proklamasie vervat, te help verwesenlik. Hulle moes onderrig gee in lees, skrif, rekene en Engelse grammatika. In 1826 is verder vir nog 24 Engelse onderwysers voorsiening gemaak.[1)]

Die sedes en gewoontes van die koloniste moes ook hervorm word en gevolglik moes die Afrikaanse deur die Engelse instellings vervang word. Daarom het Henry Ellis, die koloniale ondersekretaris, aan die hand gedoen dat die Kaapkolonie 'n integrale deel van die Britse Ryk moes uitmaak en dat alle gemeenskaplike bande met die ou moederland so spoedig moontlik verbreek moes word. Hy het ook 'n onderwysfonds bepleit om die verwesenliking van die doel te help bevorder.[2)]

(a) Plaaslike Onderwysbeheer.

Die Somersetskole het as staatskole onder die direkte beheer van die goewerneur geval. Met die skepping van die sogenaamde kosterskole is in 1812 voorsiening gemaak vir die oprigting van skole onder die gesag van die goewerneur; vir die beheer van die onderwyskommissies en die onmiddellike toesig oor plaaslike distrikskoolkommissies. Aanvanklik is geen duidelike omskrywing van hulle pligte gegee nie, sodat hulle magte en pligte later in 1827 afgebaken moes word. In 1834 is plaaslike skoolkommissies dan ook ingestel.[3)]

In die kritiese beskouing sal die oorsake van die reaksie teen die anglisasiebeleid van die Britse owerheid in oënskou geneem en aangetoon word in hoeverre die verengelsingsproses suksesvol deurgevoer is.

(b) Verengelsing van die Kerk.

Dit was egter nie slegs die oolwese, die staatsdiens en

---

1. Eybers: Die „Anglisasie Politiek", gepubliseer in Tydskrif vir Wetenskap en Kuns", Sept. 1926, 35-36.
2. Du Toit: Onderwys in Kaapland,69.
3. Van Wyk: Die Invloed van die Engelse Skoolwese, 51-52.

die juridiese mag wat verangliseer moes word nie, maar ook die sterkste bolwerk van die Afrikaner se beskawing, naamlik sy kerk is aangetas. Tereg het die Britse outoriteite dit raakgesien dat die kerk en die skool die twee vernaamste vestings van die Afrikaanse kultuur was. As hulle in die Afrikaner alle gevoel van eiewaarde wou vernietig en sy geestesinhoud tot nul wou reduseer, om hom dan spoedig in 'n identiteitslose skepsel te kan omskep, moes eers die twee bolwerke, naamlik die kerk en skool, verower word. Dit was veral die strewe van Somerset in die jare 1814-1825.[1)]

Voordat Somerset in 1820 met verlof in Engeland was, het hy in 1818 drie Skotse predikante in die Hollandse kerk aangestel. Hy was vasbeslote om die Afrikaners te verengels en die wyse van uitvoering het in Engeland beslag gekry.[2)]

In sy proklamasie[3)] het hy hom op sonderlinge wyse die reg aangematig om Engeland tot die „Parent Country" van die Afrikaner te verhef en verklaar dat dit die koning „most graciously" behaag het om Skotse predikante vir die Hollandse kerk in te voer. Al hoemeer Skotse predikante is ingevoer, sodat op die sinode van 1824 vyf van die dertien predikante Skotte was en op die sinode van 1837 was die helfte van die aanwesige predikante Skotte.[4)]

Op die sinode van 1824 het dit veral uitgekom hoe vaardig die goewerneur die geestelike swaard hanteer het. Daar het 'n voorstel ter tafel gekom „ter vereeniging van onze kerk met die van Schotland en ons te stellen onder hare protectie."[5)] Alleen om tegniese redes is nie in die doel geslaag nie.

Die sinode van 1824 het besluit om die Heidelbergse Kategismus in Engels te laat vertaal. Volgens die verslag van die Kommissaris-Politiek, Sir John Truter, aan Somerset oor

---

1. Engelbrecht: Gesk. van die Ned. H. Kerk van Afrika, 2de uitgawe, 14.
2. Ibid.
3. Eybers: Select Constitutional Documents, 23-24.
4. Engelbrecht: a.w., 15.
5. Engelbrecht: a.w., 15.

die werksaamhede van hierdie sinode, het die sinode die volgende besluit geneem: „in order on their part to promote the extension of the English language also as far as practicable."[1]

Truter het die goewerneur se aandag daarop gevestig dat hy in die kerk die Engelse taal nie so op die mense kon afvorseer as buite die kerk nie:„In the church therefore the English language can only be introduced in time by degrees."[2]

Met die sinode van 1834 is besluit om die predikante die vryheid te verleen om, waar nodig en met kennisgewing van die kerkraad, in Engels te preek.[3]

Op 23 April 1839 is deur Lord Glenelg uit Downingstraat ŉ goewermentskennisgewing uitgevaardig dat by die benoeming van kandidate vir die Ned. Hervormde kerk, diegene wat bekwaam was om in Engels te preek, voorkeur moes geniet. Ook is dit wenslik beskou dat kandidate minstens ŉ deel van hulle opleiding aan Skotse universiteite moes ontvang.[4]

Ds. Thom, wat met vakansie in Engeland was, se hulp is ingeroep om geskikte onderwysers en predikante „of known loyal principles" vir die Kaap te soek. Op die skip sou die dominee aan die predikante en onderwysers die Hollandse taal leer, „which however, will be easily attained so as to have a sufficient knowledge of it, in order to communicate English in six or eight months".[5]

Uit voorgaande blyk dit dus duidelik dat anglisasie sy invloed op die kerk wel deeglik laat geld het en dat die Hollandse kerk groot gevaar geloop het om sy Hollandse karakter te te verloor.

## 5. Staatsondersteunde Skole 1839-1865.

(a) Inleiding. Teen 1839 het daar aan die Kaap ŉ ver-

---

1. Theal: Records of the Cape Colony, Vol XIX. 498.
2. Engelbrecht: Gesk. van die Ned. H. Kerk van Afrika, 2de uitgawe, 17.
3. Scholtz: Die Afrikaner en Sy Taal, 90.
4. Walker: A History of South Africa, 145-150.
5. Scholtz: a.w., 13-14.

skeidenheid van die staatsondersteunde skole bestaan. Daar was onder andere die Engelse staatskole, voorleserskole, privaatskole, „infant schools" as uitvloeisel van die soort wat in Engeland en hier in 1829 gestig is, slaweskole, sendingskole, inboorlingskole en 'n paar naturelleskole, terwyl die Boerevolk meestal op die sogenaamde „swerwende meesters" aangewys is. Oor hierdie skole het die Bybel- en skoolkommissie en die plaaslike komitees weinig en in sekere gevalle geen beheer gevoer nie.[1)]

George Napier, wat in 1837 onder 'n diepe indruk van die leemtes gekom het, het Sir John Herschel oor die saak geraadpleeg. Hy het Kolonel Bell, die goewermentsekretaris, versoek om 'n memorandum vir onderwyshervorming op te stel. Hierop is die Herschel-stelsel in die lewe geroep.[2)]

(b) Die Herschel-stelsel.

(i) Rapport van Bell. Oor die doeltreffendheid van die Bybel- en skoolkommissie het Bell, om 'n doelgerigte onderwysstelsel te verseker, „the appointment of a sound, clear headed man... as an important Director General of Public Schools in this Colony" aanbeveel.[3)] Daarby moes die direkteur godsdienstig en onpartydig georiënteerd wees, want Bell wou godsdiensverdraagsaamheid in die Kolonie bevorder in teenstelling met wat in Engeland bestaan het.[4)] Bell het ook uitdrukking gegee aan sy geloof in 'n gesentraliseerde stelsel van onderwys met sentrale verantwoordelikheid, berustende by 'n enkele persoon.[5)]

Tweedens het Bell aangetoon dat die agteruitgang van die onderwys in die dertigerjare aan die uitskakeling van Hollands toegeskryf moes word.[6)]

Ook is bydraes tot onderwyshervorming deur Sir John Herschel, John Fairbairn, Lord Glenelg en James Rose-Innes ge-

---

1. Du Toit: Onderwys in Kaapland, 82.
2. Du Toit: a.w., 82.
3. Ibid.
4. Van Wyk: Die Invloed van die Engelse Skoolwese, 62.
5. Du Toit: a.w., 83.
6. Van Wyk: a.w., 65.

lewer.[1]

(ii) Die uitvloeisel van al die gegewens was dan ook die belangrike regeringsmemorandum van 20 Mei 1839, wat die kiem bevat het van die latere onderwysdepartement. Hiervolgens sou tot stand kom ꞌn departement van onderwys onder beheer en toesig van ꞌn „General Superintendent of Public Education."[2]

(iii) Die Klousules van die Herschel-stelsel:

Die Herschel-stelsel het voorsiening gemaak vir primêre en sekondêre skole.

Wat die taalonderrig betref, moes ooreenkomstig die aanbevelings van Rose-Innes elke kind deeglike onderrig in Engels ontvang. Afrikaanssprekende kinders kon, wat Hollands betref, alleen mondelinge en skriftelike vertalings in Engels doen. Dus moes die Hollandssprekende kind Engels deur medium Hollands leer en die Engelssprekende kind Engels deur medium Engels.[3]

Om godsdienstwiste in verband met godsdiensonderrig uit te skakel, het Glenelg vir die daelikse lees van die Bybel voorsiening gemaak. Hier kry ons nie-sektariese onderwys, wat dwarsdeur die 19de eeu gehandhaaf is. Duidelik is dit ook in die Smutswet van 1907 omlyn.[4]

(c) Plaasskole: Ondersteunde Skole.

Met die stigting van die soort skole is veral bedoel om in die behoeftes van die platteland te voorsien. In 1843 is besluit om naas die primêre en sekondêre skole ꞌn derde nuwe soort skool in die lewe te roep, naamlik die sogenoemde ondersteunde skole op die £-vir-£-basis. Die toekenning van staatstoelaes aan plaasskole het uit ꞌn beginseloogpunt geskied. Die

1. Van Wyk: Die Invloed van die Engelse Skoolwese, 65-67.
2. Du Toit: Onderwys In Kaapland, 83.
3. Van Wyk: a.w., 74-75.
4. Ibid., 75.

Herschelskole was ongewild op die platteland, al is daar 'n toegewing van Hollands gedoen.[1)]

Die anglisasiebeleid het ook sy houvas op die privaat of reaksie-skole gekry, deur die sogenaamde staatstoelae, want Engels as taal en medium was 'n vereiste waarvolgens staatstoelaes toegeken is. Dit is die beleid van „peaceful penetration" waar die Afrikaanssprekendes nou hulle eie skole verengels het.[2)]

6. Engelse Onderwys 'n voldonge Feit en die Klimaks in die Kaapse Skole 1865-1905.

(a) Inleiding: As gevolg van die verandering in die koloniale beleid van Engeland deur die program van aksie van die Liberale Party vanaf 1830, wat die sogenoemde laissez faire-houding ingeneem het, het die Kaapkolonie in 1854 Verteenwoordigende Bestuur ontvang.[3)]

Die stelsel van volksverteenwoordiging, wat die vryheidsfilosofie van Mill as grondslag gehad het, het ook sy invloed op onderwysgebied laat geld.[4)]

In die Kaapkolonie het Langham Dale 'n soortgelyke onderwysgebied voorgestaan. Volgens hom moes alle inisiatief in verband met onderwys van die ouer uitgaan en die staat moes hom behulpsaam wees. Dog die vryheidsidee was nie van toepassing op die gebied van die Hollandse taal nie, want deur die onderwyswet van 1865 is Engels verpligtend gemaak.[5)]

(b) Die Onderwyswet van 1865.[6)]

Die meeste van die aanbevelings van die Watermeyerkommissie, o.a. die vervanging van die „Established Schools" en die £-vir-£-basis is vasgelê in die beroemde onderwyswet van 1865, wat tesame met 'n „Schedule of Regulations" die basis van die onderwysstelsel vir die volgende jare sou vorm. Die wet

---

1. Rowan: Our Educational System with a Short Historical Sketch of the Systems which preceded it, 8.
2. Van Wyk: Die Invloed van die Engelse Skoolwese, 77.
3. Walker; A History of South Africa, 253.
4. Van Wyk: a.w., 95.
5. Ibid.
6. Malherbe: Education in South Africa, 95.

het voorsieninge gemaak vir:

(i) Die £-vir-£-stelsel. Daar moes geleidelik oorgegaan word tot die afskaffing van alle vrye staatsonderwys en dit moes vervang word deur staatsondersteunde onderwys, ooreenkomstig die waarborg van die £-vir-£-stelsel soos sedert 1841 in werking.

(ii) Onderwysbestuur: Alle nie-sektariese skole is verdeel in drie klasse, naamlik klas I-skole vir die groter dorpe, klas II-skole vir die kleiner dorpe en klas III skole vir die platteland. Al drie hierdie klasse sou onderworpe wees aan die sentrale beheer van die superintendent-generaal van onderwys en onder die beheer van die plaaslike skoolkommissies.

(iii) Voertaalvraagstuk.[1] Die wet was nie simpatiek teenoor die gevoelens van die Hollandssprekende deel van die bevolking nie. Dit het as een van die voorwaardes vir 'n toelaag bepaal dat die onderwysmedium in alle eerste en tweedeklasskole Engels moes wees en dat in derdeklasskole onderwys tydens die skoolure sover dit moontlik was, deur medium Engels gegee moes word.

Die wet van 1865 het dus in beginsel niks nuuts gebring nie, maar eenvoudig 'n reedsbestaande gebruik gewettig en behoorlik gesistematiseer.

(c) Langham Dale as Superintendent (1859-1892) en die Uitbreiding van Staatshulp.

(i) Inleiding.

Toe Dale in 1859 sy amp aanvaar het, was dit reeds duidelik dat die verdere onderwysontwikkeling volgens die stelsel van die staatsondersteunde skool moes geskied. Hierdie stelsel is deur die wet van 1865 bestendig. Die periode wat hierop gevolg het, is dan ook deur 'n verdere uitbreiding van staatshulp gekenmerk.

Die £-vir-£-stelsel met betrekking tot distrikskole is in

1. Du Toit: Onderwys in Kaapland, 96.

1884 ingevoer. Dit is ook wesenlik 'n stelsel van „payment-by-results".[1)]

Hulptoelae aan Distriksonderwysers.

In 1882 is regeringsteun toegesê aan sogenaamde distrikonderwysers, wat in dieselfde jaar in diens gestaan het. „This was nothing but the payment-by-results-system imported from England."[2)]

Hulp om Skoolgeboue op te rig.

Deur hierdie prosedure is alle skooleiendom genasionaliseer.[3)]

Hoewel die genoemde plaasskole wel in 'n groot behoefte onder die landelike bevolking voorsien het, is in dunbevolkte streke 'n stelsel van rondreisende onderwysers ingestel, wat ook regeringshulp ontvang het.[4)]

(ii) Die Onderwystoestand onder Dale.

In 1875 het Dale 'n oorsigtelike verslag van onderwys met behulp van die drie onderwys inpekteurs gegee. Die vordering van Engels op die skole was die kern van sy verslag.[5)]

Engels het op die platteland merkbaar vooruitgegaan. Die ouers is oor die algemeen begerig dat hulle kinders Engels moes leer. Hoewel in die eeeste plaasskole Hollands sowel as Engels onderrig is, was baie van hulle die mening toegedaan dat Hollands vanself kom en dat veral aandag aan Engels gegee moes word. „All would have gained such an amount of knowledge of the English language as would enable them to profit by instruction in English without translation."[6)]

Gelyktydig met die verslag van Dale in 1875 het die Genootskap van Regte Afrikaners tot stand gekom. Met die Genootskap het die Afrikaanse gedagte sterk op die voorgrond getree en ook sy invloed as teenwig van die Engelse onderwys laat geld. Die steeds toenemende verengelsing van die Kaap

1. Du Toit: Onderwys in Kaapland, 99.
2. Malherbe: Education in South Africa, 103.
3. Ibid., 104-105.
4. Ibid., 105.
5. Van Wyk: Die Invloed van die Engelse skoolwese, 110.
6. Ibid., 111.

kolonie sedert die helfte van die 19de eeu het kragtige verset van die kant van die Genootskappers uitgelok. Die Afrikaners is tot ontwaking geroep teen die groeiende verengelsing van die Afrikaanse volkslewe.[1]

Die Genootskappers het eers bedrywig geword na kennisname van die toespraak van hoofregter J.H. de Villiers, toe hy gekonstateer het dat Hollands nie bestemd was om die toekomstige taal van Suid-Afrika te word nie. Hollands moes van ondergang gered word en hier was Jan Hendrik Hofmeyr die aangewese persoon om die voortou te neem.[2]

Onse Jan, gerugsteun deur 'n petisie, opgestel deur ds. S.J. du Toit, ter verkryging van Hollands as parlementêre taal, het in 1881 'n mosie voorgestel om Hollands opsioneel as parlementêre taal te stel.[3]

Na die sukses het Hofmeyr verder aangedring op die aankweking van groter liefde vir Hollands. Hewig het hy die onderwysstelsel aangeval en die beleid as onnasionaal en godsdiensloos beskryf.[4]

Na die kritiek van Hofmeyr, tesame met die versoekskrif van die „South African Teachers' Association" in 1877, waarin gevra word om verpligte onderwys en die benoeming van 'n kommissie van ondersoek, het die Wetgewende Vergadering in 1879 so 'n kommissie aangestel. Die kommissie moes rapport uitbring oor die bestaande onderwyswette en oor onderwystoestande op die platteland.[5]

(iii) <u>Die De Villiers-rapport 1883.</u>

<u>Godsdiensonderrig.</u>

Die bepaling van die onderwyswet van 1865, dat plaaslike besture Bybelonderrig buite die gewone skoolure mog reël en ook die aanbevelings van die De Villiers-kommissie, het in Af-

---

1. Van Wyk: Die Invloed van die Engelse Skoolwese, 112.
2. Ibid., 119.
3. Hofmeyr en Reitz: Het Leven van Jan Hendrik Hofmeyr, 247.
4. Du Toit: Ds. S.J. du Toit in Weg in Werk, 205.
5. Van Wyk: a.w., 121.

rikaanse kringe nie byval gevind nie. Hewige agitasies is op tou gesit en reaksieskole het ontstaan wat in die kritiese samevatting behandel sal word.

In 1886 het J.H. Hofmeyr in die parlement voorgestel dat die skooldag 'n halfuur verleng moes word, sodat die godsdiensonderrig binne die skoolure kon val.[1]

Hollands as Vak:

Aan skole waar Hollands wenslik geag is, is voorsiening gemaak vir die toekenning van 'n toelaag vir 'n onderwyser om onderrig in Hollands te verskaf.

Hollands as Voertaal.

Alle beperkinge aangaande die medium is opgehef, maar in die praktyk het dit weinig tot gevolg gehad, aangesien die stelselmatige verwaarlosing van Hollands reeds ver gevorder was.[2]

(d) Sentralisasiebeleid van Dr. Muir 1892-1905.

(i) Inleiding.

Die Engelse onderwys aan die Kaapkolonie het sy hoogtepunt onder die Muir-regime bereik. Die laissez-faire-beleid het met die aftrede van Dale afgesluit in soverre dit die geskiedenis van die onderwys met sy staatsondersteunde stelsel betref. Groter sentralisasie met 'n stelsel van staatsonderwys is aangekondig.

Dr. Muir het diens aanvaar in 'n tydperk van algehele bewuswording in Europa en ook in die Suid-Afrikaanse Republieke. Groot-Brittanje, met sy imperialisme, het tot nuwe hoogtes gestyg en die Kaapse Afrikaners is deur die Transvaalse vryheidstryd tot nasiebewustheid aangevuur.[3]

In hierdie tydperk, toe die imperiale gees so sterk in Groot-Brittanje na vore getree het, het Muir in 1892 sy werk as Superintendent van Onderwys onder Rhodes as Eerste Minister

1. Du Toit: S.J. du Toit in Weg en Werk, 46.
2. Van Wyk: Die Invloed van die Engelse Skoolwese, 136.
3. Hofmeyr en Reitz: Het Leven van Jan Hendrik Hofmeyr, 564.

aanvaar. Die Kaapse Afrikaners het nie deur die Britse imperialisme anaangetas gebly nie. ŉ Groot deel van die Hollandssprekendes het sy lot by die Britte ingewerp, terwyl die ander groep bly vaskleef het aan alles wat Afrikaans was.[1]

Muir, as tipiese verteenwoordiger van sy tyd, het daarom met Dale se laissez-faire-politiek en desentralisasie gebreek en op sentralisasie en ŉ doelbewuste anglisasiebeleid afgestuur.[2]

Sy drieledige program waarin hy geglo het dat „organization ought to keep pace with growth", kan soos volg saamgevat word: hervorming van die departementele organisasies; skoolrade moes algemeen ingestel word en onderwys moes verpligtend gemaak word.[3]

(ii) <u>Invoering van Verpligte Onderwys.</u>

In 1891 is op aandrang van J.H. Hofmeyr besluit tot die benoeming van die Barry-onderwyskommissie om aktuele onderwysvraagstukke te ondersoek en daaroor verslag uit te bring.[4]

Die bevinding van die kommissie was dat twee-derdes van die blanke kinders skool besoek het en dat die helfte van die Afrikaanse kinders op die platteland nie ŉ staatsondersteunde skool met verpligte Engels besoek nie. Die invoering van verpligte onderwys sou egter die skoolbesoek verbeter en die kanse op verengelsing daardeur verhoog.[5]

Die invoering van skoolrade sou dan ook in die invoering van verpligte onderwys help.[6]

Sedert 1865 is deur die verskillende onderwyskommissies en hoofde probeer om die stelsel van vrywillige onderwys deur ŉ stelsel van verpligte onderwys onder toesig van skoolrade te vervang.

---

1. Hofmeyr en Reitz: Het Leven van Jan Hendrik Hofmeyr, 564.
2. Die Huisgenoot, 8 Maart 1935.
3. Du Toit: Onderwys in Kaapland, 112.
4. Hofmeyr en Reitz: a.w., 482.
5. Du Toit: a.w., 114.
6. Van Wyk: Die Invloed van die Engelse Skoolwese, 147.

(iii) Hervorming van Departementele Organisasies.

Muir het gevind dat die onderwysdepartement uit slegs twee vertakkinge bestaan het: die sekretariële tak en die rekenmeestersafdeling. Hy het die afdelings duidelik onderskei en nuwe vertakkinge ingestel. Voorsiening is gemaak vir die versameling en gereëlde aantekening van onderwysstatistieke en rapporte.[1)]

In 1894 het selfs in die parlement 'n sterk gevoel ten gunste van skoolrade bestaan. Muir het eers „Attendance Boards" voorgestel, maar in 1899 is daar 'n wetsontwerp ingedien vir die daarstelling van verpligte onderwys en skoolrade, wat egter verwerp is.[2)]

Eers in 1905 het kolonel Crewe, die koloniale sekretaris, sy „School Board Act" ingedien en op die wetboek geplaas.[3)]

Die Raad sou uit 6 tot 18 lede bestaan, twee-derdes moes deur die munisipale of afdelingsrade gekies en die res sou deur die goewerneur benoem word. Verder is ook voorsiening gemaak vir die bestendiging van die plaaslike skoolkommissies, bestaande uit 7 lede, wat deur die ouers vir 'n tydperk van drie jaar gekies word. Die skoolrade, wat algemeen byval gevind het, is belas met die stigting van nuwe skole asook die geleidelike invoering en toepassing van verpligte skoolbesoek vir alle blanke kinders van 7 tot 14 jaar.[4)] Met hierdie maatreël is die ou stelsel deur die nuwe vervang wat 'n intensiewer toepassing van die anglisasiebeleid was.

Hierdie skoolradewet van 1905 het groot invloed op die Kaapse onderwys uitgeoefen en ook in besonder in die samestelling van die Smutswet van 1907 in Transvaal.

7. Kritiese Beskouing.

Aangesien die verhandeling hoofsaaklik die onderwys en opvoeding behandel, sal duidelikheidshalwe skool en kerk be-

1. Du Toit: Onderwys in Kaapland, 112.
2. Ibid., 115.
3. Van Wyk: Die Invloed van die Engelse Skoolwese, 157.
4. Du Toit: a.w., 116.

handel word, wat ook die staat as hooforgaan vanselfsprekend insluit.

(a) Die De Mist-tydperk, 1803-1806.

(i) Die Skool.

Dit was feitlik vanselfsprekend dat die Kaap, nadat dit in die jaar 1803 weer Nederlandse besit geword het, nie aan die invloede van die nuwe tydgees sou ontkom nie. De Mist was 'n kind van sy tyd, maar gematigd wat sy sienswyse betref.[1] Hy het vrede en vryheid vir en verdraagsaamheid jeens iedereen beoog.[2]

Sowel in sy „Memorandum" as in sy skool- en kerkordes kan bespeur word dat De Mist sterk onder die invloed van die Franse tydgees gestaan het. Hy het die nasionale vorming van die Kaapstadse jeug aan besondere belang geag as een van die voorwaardes om die Nederlandse gesag weer stewig te vestig aan die Suidpunt van Afrika.

In sy Memorandum merk hy op dat daar aan die nasionale gevoel van die Kaapstadse jeug heelwat ontbreek. Hy wyt dit veral aan die langdurige verblyf van Franse en Engelse troepe en skepe aan die Kaap.[3]

Hy het die toekoms donker ingesien en voorspel dat „zonder de wedergeboorte van eene nationale geest, en smaak tot voorkeur van Nationale zeden, gewoonten...durft men zich van alle politieke veranderingen, weinig goeds beloven".[4]

As egte verteenwoordiger van sy tyd het De Mist na middels gesoek om die jeug se sedelike, intellektuele en nasionale gevoelens te bevorder.

Met betrekking tot die jong geslag het hy sy planne uitvoerig in sy bekende „School ordre" van 1804 uitgewerk.[5]

---

1. Wypkema: De Invloed van Ned. op de Ontstaan en Ontwikkeling der Z.A.R., 3.
2. Van der Merwe: Die Kaap onder die Bataafse Republiek, 8.
3. Scholtz: Die Afrikaner en Sy Taal, 69.
4. Memorandum van De Mist, 48.
5. Dreyer: Boustowwe vir die Gesk. v.d. Ned. Ger. Kerke van S.A., Deel III, 31.

In sy Skoolorde is die nasionale opvoeding van die toekomstige onderwysers en die skoolgaande jeug sterk beklemtoon. Toekomstige onderwysers moes deurdring word van „onveranderlyken afweer van alle vreemde overheersching".[1]

Eweas die Franse wetgewers het De Mist 'n kennis van die geskiedenis van die Grieke en Romeine met hulle helde en staatsmanne vir leerlinge van middelbare skole as 'n vereiste beskou.[2]

Die dogters wat die kosskole sou besoek, moes naaldwerk en huishoudkunde bestudeer en hulle moes geleer word om sonder die hulp van slavinne klaar te kom.[3] Hy het 'n begrip gehad van die waarde van deeglike opvoeding vir toekomstige moeders van die volk. In hulle soek hy „zagte beschaafdheid, zedige vrolykheid en goede manieren".[4]

Ook in ander opsigte het De Mist die onderwys en opvoeding aan die staat en die burgerlike welsyn verbind.

Die Kaapse bevolking is gevra om die taak van die staat in verband met die opvoeding en onderwys te verlig. Hulle kon dit doen vir die vorm van belastings en ook andersins. Hierdie verpligtinge moes beskou word as staande in die diens van die jeug.[5]

(ii) Die Kerk.

Met betrekking tot godsdiensonderwys het De Mist bepaal dat in die middelbare skole onderrig gegee moes word in „de eerste beginsels van den Christelyken Eredienst".[6]

Hiermee is geen dogmatiese godsdiensonderwys bedoel nie, want dit sou nie met sy opvattings strook nie.[7] In hierdie verband is die stelsel ook in die Smutswet geprojekteer.

---

1. Schoolordre van De Mist, art. 20.
2. Ibid., art. 27.
3. Ibid., art. 21.
4. Ibid., art. 23.
5. Memorandum - Hoofstuk II, art. 1.
6. Ibid., Hst. II, art. 21 f.
7. Moorrees: Die Ned. Ger. Kerk in S.A., 448-451.

Hy het van die standpunt uitgegaan dat daar ʼn absolute skeiding tussen kerk en staat moes wees. Hierdie gedagte vind ons in sy „Provisionele Kerkenordre".[1]

Leerstellige godsdiensonderwys kon deur die gelykstelling nie meer plaasvind nie. Tog het De Mist aanbeveel dat in die kosskole die leerlinge „zo veel moogelyk naar leiding van het kerkgenootschap, waar toe derzelven ouderen behooren of behoord hebben", hulle godsdiensonderwys sou ontvang.[2]

Ofskoon De Mist in vergelyking met die wette van die moederland verdraagsaam te werk gegaan en probeer het om nie te veel van die bestaande gewoontes af te wyk nie, het die wet tog verset uitgelok.

Die Kaapse samelewing het op verre na nie tred met die 18de eeuse Europese geestesstrominge gehou nie. Nieteenstaande die feit dat De Mist ʼn gematigde verteenwoordiger hiervan was, moes hy dit ondervind.

ʼn Geleidelike opvoeding tot die nuwe denkbeelde het by die Kaapse bevolking ontbreek, en dit was veral die verbreking van die direkte verband tussen kerk en onderwys waardeur die stelsel van De Mist later skipbreuk gely het.[3]

Die Afrikaanse tradisie het in botsing gekom met De Mist se gematigde moderne beginsels, beginsels wat ook deur ʼn deel van die Nederlandse volk nie aanvaar kon word nie. Teen die nasionale strekking van die opvoeding en onderwys is daar geen besware uitgespreek nie.

De Mist het ʼn verwaterde opvatting van die Christelike godsdiens gehad. Daarvan sê hy in sy Memorie: „Men bedoelt hier niet, een of ander byzonder godgeleerd stelsel, maar de openbare erkentenis van het bestaan van een oneindig Opperwezen".[4]

---

1. Dreyer: Boustowwe vir die Gesk. v.d.Ned. Ger. Kerk van S.A., Deel III, 8.
2. Skoolorde, art. 21F.
3. (a) Van der Merwe: Die Kaap onder die Bataafse Rep., 194.
   (b) Wypkema: Die invloed van Ned. op de Ontstaan en ontwikkeling....Z.A.R., 10.
   (c) Sien ook die resultate van die Smutswet en of dit aan die vereistes van Volksonderwys voldoen in Hst. VII.
4. Venter: Verband tussen Kerk en Skool, 15.

De Mist, wat beskou kan word as die geestelike vader van ʼn godsdiensonderwys bo geloofverdeeldheid op skool, wou die godsdiensonderwys met gemengde kerkgenootskappe in akkoord bring.[1] Die Smutswet het dieselfde voorgestaan, nl. Godsdiens bo geloofsverdeeldheid.

Die bewind onder De Mist was kort van duur en net een skool is onder sy ordonnansie opgerig. Hierdie beginsel het egter begin faal en dit sou later deur die Engelse oorheersers vir eie voordeel gebruik word.

In 1806 het die Nederlandse vlag opnuut verdwyn. Die tweede Britse tydperk het aangebreek: ʼn belangrike fase in die geskiedenis van die volk van Suid-Afrika. Veral die nasionale beginsel van opvoeding en onderwys sou reeds dadelik ʼn harde stryd moes aanknoop teen die magtige Angelsaksiese kultuur.

(b) Imperialistiese en Negrofilistiese Tydperk van die Onderwys in die Kaapkolonie 1806-1839.

(i) Inleiding.

Met die finale oorhandiging van die Kaap aan Engeland in 1806 is ʼn genadeslag aan die belowende vooruitsigte vir die ontwikkeling van ʼn eie nasionale onderwysstelsel toegedien.[2.]

Die Afrikanerdom het al hoemeer besef dat hulle in die Britse wêreldryk ingeskakel is en dat hulle as ʼn verowerde volk behandel word.[3]

Die nuwe eienaars het, soos De Mist, as verteenwoordigers van die „verligte" Europese idees doelbewus daarna gestreef om in ooreenstemming met die gees in Brittanje die Kaapse bevolking op te voed tot selfbewuste vaderlandsliewende burgers, nie van hulle moederland (Nederland) nie, maar van die veroweraar (Engeland).[4]

1. Greyling: Christelike en Nasionale Onderwys, Deel II, 34.
2. Van den Heever en Pienaar, Kultuurgesk. v.d. Afrikaner, Deel II, 309.
3. Ibid., Deel I, 58.
4. Scholtz: Die Afrikaner en Sy Taal, 5.

(ii) Verengelsingsbeleid van Cradock.

In teenstelling met die eerste Britse verowering (1795-1803) word die tweede periode na 1806 gekenmerk deur 'n doelbewuste strewe van die nuwe imperiale heersers om die Kaap te verengels. Die koers van die Afrikaner moes verander word en die Engelse kultuur moes seëvier.[1)]

Hier sal veral nadruk gelê word op die pogings wat aangewend is om die opgroeiende geslag te verengels.

Soos in die begin van die hoofstuk aangehaal, is met die oorgawe van die Kaap in een van die voorwaardes bepaal dat die Koloniste al die voorregte wat hulle tot dusver geniet het, sou behou. Hierdie toegewing was egter van korte duur.

Verengelsing moes van bo-af by die staatsinrigtings begin. Reeds vier maande na die kapitulasieverdrag is deur middel van 'n proklamasie bekend gemaak „dat voortaan geene brieven, rekwesten of eenige andere offisiële papieren ter Goevernements Huize, of ter Goevernements Secretarie zullen worden aangenomen, tenzy deselve van een translaat in de Engelsche Taal worden vergezeld".[2)]

Binne vier maande is die plegtige belofte verbreek.

In die begin van die verowering wou die Britse staatslui in die reël hulle nie veel met hervorming op politieke en maatskaplike gebied in die Kolonie bemoei nie.[3)]

Cradock het planne beraam om die angliseringsproses versigtig toe te pas deur „cautions and progressive introduction of the same laws, the same principles and the same institutions of the parent state".[4)]

In stryd met die bepalings van oorgawe het hy egter op eie houtjie 'n aanvang gemaak met die „cautious and progressive introduction" om die Latynse skool in Kaapstad te ver-

---

1. Scholtz: Die Afrikaner en Sy Taal, 5.
2. Nienaber: Die Genootskap van Regte Afrikaners Herdenk,13.
3. Scholtz: a.w., 7.
4. Nienaber: a.w., 13

engels.[1]

Die Kaapkolonie moes dus op die Engelse lees geskoei word, want alle staatshoofde moes eentalig Engels wees. 'n Tweeslagtige toestand kon maklik uit die weg geruim word. Om die administrasie te vergemaklik, was die invoering van Engels noodsaaklik. Cradock het ongetwyfeld duidelik besef dat die verspreiding van 'n deeglike kennis van die Engelse taal onder die koloniste 'n onontbeerlike vereiste was vir die begeerde vereenselwiging van die Kaap met die res van die Britse Ryk. Dit is ook om dié rede dat hy die aanleer van Engels so sterk onder die opkomende geslag aangemoedig het en daarom dat hy aan F.E. Turr, die rektor van die „Grammar School" onder andere skryf: „I cannot conceal the ardent wish that every Gentleman or family of promise should understand that language which prevails in the parent country, and will best open the road to this future advancement and distinction".[2]

Vir 'n tydperk is volgens imperiale metode versoenend teenoor die Hollandse koloniste opgetree, soos blyk uit die kosterskole van Cradock, maar dit sou spoedig onder Lord Charles Somerset anders word.[3]

Die stelselmatige beleid van verengelsing het egter met die koms van Somerset in 1814 'n aanvang geneem.

(iii) Begin van Stelselmatige Anglisasiebeleid van Somerset.

Tot 1820 is geen maatreëls van ingrypende aard getref om die kolonie sy Hollandse karakter te ontneem nie.

Net soos Cradock, met sy kosterskole kerk en skool weer nader anmekaar wou bring, so het ook Somerset dit probeer doen.[4]

1. Eybers: Constitutional Documents, 15, No. 11 art. 8. en 16, No. 12, art. 8.
2. Scholtz: Die Afrikaner en Sy Taal, 7.
3. Greyling: Christelike en Nasionale onderwys, 35.
4. Venter: Die Verband tussen Kerk en Skool, 17.

Hy het ywerig probeer om weer soos dit in die verlede was, die samewerking van die kerk in onderwyssake te verkry. Die maatreël was slegs as tydelik bedoel, want dit was werklik 'n tussenstap om die eintlike doel te bereik. Hierdie doel was om die skool te gebruik as 'n middel om die verengelsing van die koloniste te kan bewerkstellig.[1]

Logies het hieruit gevolg dat die onderwys 'n voorwerp van belang vir die staat moes wees en dat onderwys en opvoeding onder direkte bestuur van die regering moes val.[2]

Terwyl aan die begin van Somerset se bewind die Bybel- en skoolkommissies die teuels in hande gehad het, het hy hierdie liggame spoedig in nuttelose instellings verander, wat die onderwys meer gestrem as bevorder het.[3] Die Bybel- en skoolkommissie het as't ware skerms geword wat die eintlike bedoeling van die regering moes verberg.

Die Kerk.

Hierna is een van die heiligste instellings van die Afrikaner, naamlik sy kerk, op 'n gewetenlose wyse misbruik om die bedekte doelstelling te kon bereik, naamlik die ondermyning van die tradisionele gevoelens van die opgroeiende geslag.

Tydens Somerset se verlof in Engeland in 1820-21 het hy sy planne in verband met 'n oplossing van die nypende tekort aan predikante aan die Kaap daar te berde gebring.[4]

Die invoering van predikante en onderwysers sou terselfdertyd groot waarde vir sy stelselmatige beleid van anglisasie kon hê, wat nog deur hom in die kolonie verskerp sou word. Die verengelsingsbeleid van kerk en skool het hy aan die Britse Minister van Kolonies voorgelê.[5]

Somerset het daarop gewys „that it would be desirable that the clerical vacancies in the Settlement should be fil-

1. Malherbe: Education in South Africa, 69.
2. Ibid.
3. Malherbe, a.w., 69.
4. Moorrees: Die Ned. Ger. Kerk in S.A., 491-'94.
5. Scholtz: Die Afrikaner en Sy Taal, 13.

led by Ministers from Scotland who however should be masters of the vernacular language of the place previous to their appointment".[1)]

In 1822 het die eerste groep Skotte en Engelse arriveer, terwyl die owerheid daarvoor sou sorg dra dat die toekomstige vakatures gevul word.[2)] So is die Murrays, MacGregors, Robertsons en andere in die verskillende pastorieë onder die volk geplaas.[3)] Die resultaat van hierdie poging is tereg soos volg geskets: „...This period saw the unfortunate beginning of an antagonism towards English rule and the English Language".[4)]

Stelselmatig moes die bestaande tradisies verdwyn en deur Skotse en Engelse opvoeders vervang word, om op die wyse deur die Afrikaanse jeug 'n nuwe uitheemse lewensbeskouing te laat opbou.

In 1834 is die skroef stywer aangedraai. Die Kommissaris-Politiek het 'n besluit geneem dat alle dominees wat kon, die preekdienste ook in Engels moes waarneem.[5)]

Skole.

Aan die skoolwese is van owerheidsweë voor die tyd van die Bataafse Republiek weinig aandag geskenk, sodat die onderwystoestande met die Engelse inbesitname van die Kaap veel te wense oorgelaat het. Die eerste Engelse staatshoofde het in hierdie feit die belangrikste middel gesien om in die eerste plek die opgroeiende toekomstige burgers te verengels en in die tweede plek om aan hulle kennis mee te deel. Majoor Collins het in 1809 onder andere gesê: „Import English teachers, and the next generation will be Englishmen".[6)]

Die stelsel van Caledon en Cradock was 'n mislukking, omdat dit nie in die behoeftes van die bevolking voorsien het

---

1. Scholtz: Die Afrikaner en Sy Taal, 10.
2. Ibid., 14.
3. Nienaber: Die Genootskap van Regte Afrikaners, 21.
4. Malherbe: Education in South Africa, 69.
5. Nienaber: a.w., 22.
6. Nienaber: a.w., 18.

nie: die koloniste het aan hulle privaatskooltjies die voorkeur gegee.[1] In die jare 1902 tot 1906 was dit presies so in Transvaal gesteld.

Die Invoering van die Vrye skoolstelsel.

Cradock het reeds, soos aangetoon, met sy sogenaamde kosterskole die angliseringsbeleid ver laat vorder. Maar dit was Somerset wat met verbeterde planne voor die dag gekom het om ŉ oplossing van die vraagstuk te soek. Hy het ter vervanging van die ou kosterskole ŉ stelsel van vrye staatskole ontwerp, waarin Hollands nooit offisieel ŉ vak of medium van onderrig sou wees nie. In 1822 is die eerste ses onderwysers „of known loyal principles" in Engeland op versoek van Somerset deur ds. Thom gewerf, „to make the English language more general in the Colony and improving the manners and morals of the people".[2]

Die skole sou vry wees, dit wil sê, die ouers sou nie betaal nie - „to be carried out at the expense of the Home Government and for a special purpose".[3] Die doel was natuurlik die anglisering van die Afrikaanse bevolking. Hierdeur is ŉ aanvang gemaak met die ondermyning van die belangstelling van die ouer in die onderwys van sy kind. Waarvoor hy nie betaal nie, waardeer hy nie en word gestel in die mag van hom wat wel betaal, naamlik die staat.[4] Dieselfde stelsel is gedurende die kampperiode en daarna onder Milner en Smuts gevolg.

Onderdrukking van die Moedertaal.

Ellis, die koloniale sekretaris, het op die wens van Bathurst, naamlik om Engels die enigste amptelike taal van die kolonie te maak, ŉ memorandum na Londen gestuur wat ŉ stelselmatige beleid van verengelsing was.[5]

Op 23 Februarie 1822 het Bathurst aan Somerset opdrag

1. Scholtz: Die Afrikaner en Sy Taal, 12.
2. Ibid., 13.
3. Malherbe: Education in S.A., 57.
4. Greyling: Christelike en Nasionale onderrig, Deel II, 36-37.
5. Scholtz: a.w., 5.

gegee om 'n proklamasie[1] uit te vaardig waardeur in die loop van die eersvolgende jare Engels die enigste offisiële taal van die Kolonie sou word. Dit was vir Somerset belaglik dat 'n klein groepie mense, bietjie meer as 30,000, wat 'n deel geword het van die Britse Ryk, sou voortgaan om hulle eie taal en kultuur voort te plant.[2]

Uit die aanhef van die proklamasie blyk nog eens duidelik sy eintlike opset tot voorbereiding van die opkomende geslag vir die verengelsingsbeleid.[3]

So was die vrye skole sonder Hollands nie meer vry nie, maar in werklikheid niks anders as 'n valstrik nie.[4]

Kort na die taalproklamasie was daar werklik ouers wat gedink het dat dit vernamer was om die taal te praat wat in regeringskringe gebesig word. Hulle het die Engelse skole en die beleid van Somerset vanselfsprekend heelhartig ondersteun.

Met hierdie groepie kernondersteuners en daarby die ouers wat, terwille van die toekoms van hulle kinders, gedwing was om hulle na Engelse skole te stuur, het die regering sy beleid van stapel gestuur.[5]

Aanvanklik was die vrye skole 'n groot sukses: die skole was vry en die ouers het goed besef dat hulle kinders Engels sal moet ken as hulle eendag 'n staanplekkie in die verowerde grondgebied wil hê. Die gevolg was dat vanaf 1822 tot 1827 die vrye skole in aantal gestyg het, om egter vanaf 1837 so te daal „that they are declining or very nearly extinct".[6]

In plaas van anglisering is net die teenoorgestelde resultaat bereik. Honderde ouers het hulle kinders aan die skool onttrek. In 1822 was daar 1,727 kinders op skool, ter-

---

1. Theal: Records of the Cape Colony, Vol XIV, 452-453.
2. Greyling: Christelike en Nasionale onderwys, Deel II,36.
3. Scholtz: Die Afrikaner en Sy Taal, 5.
4. Pienaar: Die triomf van Afrikaans, 39.
5. Moorrees: Die Ned. Ger. Kerk in S.A., 559.
6. Pienaar: a.w., 42.

wyl in 1839, toe die eerste Superintendent van Onderwys, Sir Rose-Innes, aangestel is, daar maar 503 in die vrye Engelse goewermentskole was. 'n Direkte gevolg van hierdie stelsel was die stigting van talle Hollandse skole met 'n eie gees en rigting, deur privaat inisiatief. In hierdie skole was die moedertaal die medium en is godsdiensonderwys gegee volgens die kerklike belydenis van die ouers. In 1830 was daar reeds 39 sulke privaatskole en in 1839 het hulle tot 94 vermeerder, terwyl daar toe maar 11 vrye Engelse skole was. In 1841 het die getalle tot 112 gestyg.[1)]

Die vrye skole was 'n mislukking, omdat hulle te uitgesproke propagandisties was.[2)]

Na 1902 het in Transvaal as teenvoeter van die Engelse staatskole die C.N.O.-skole ontstaan.

## C. Stryd om die Handhawing en Erkenning teen die toenemende Anglisasie 1839-1865.

Duidelikheidshalwe word hierdie afdeling onder skool en kerk bespreek, waarby die staat ook betrek word, aangesien die wette gesentraliseerd was.

### (i) Die Skool.

Met die mislukking van die vrye skole was dus die eerste bolwerk teen die eerstegeboortereg van die Boerekind voorlopig verydel. Die Regering het nou van taktiek verander en langs 'n omweg probeer om sy beoogde doel te bereik.[3)]

Hy het besef dat die verwaarlosing van Hollands die agteruitgang van die staatskole in die jare dertig veroorsaak het.

Rose-Innes, as Superintendent-Generaal van Onderwys, het met die invoering van die Herschel-skole ook in 'n beperkte mate voorsiening gemaak vir die onderwys van Hollands.[4)]

---

1. Greyling: Christelike en Nasionale Onderwys, Deel II, 46.
2. Pienaar: Die Triomf van Afrikaans, 42.
3. Ibid.
4. Scholtz: Die Afrikaner en sy Taal, 77.

In 1843 het verdere toegewing gekom. Aan Hollandse private skole is 'n regeringstoelaag beloof, op voorwaarde dat in al sulke skole „where the Dutch Language prevails, English shall also be taught".[1)]

Hierdie skole, wat meer in ooreenstemming met die algemene aard en selfstandigheidsgevoel van die Hollandse Koloniste was, het dan ook meer in die smaak geval, sodat sedert 1843 die Herschel-skole van 20 verminder het tot 9 in 1865, terwyl die staatsondersteunde skole vir dieselfde tydperk van nul tot 140 gestyg het.[2)]

Dieselfde toestande is na 1902 met die Staatskole ondervind.

Deur taktvolle maatreëls het Rose-Innes die Boereteenstand oorwin. Deur sy toedoen is leerstellige godsdiensonderwys volgens belydenis finaal uit die staatskole geban en Bybelonderwys bo geloofsverdeeldheid in die plek daarvan gestel:

> „To Christian men of all denominations the Bible is the common source of religious truth and faith. Let that be the sole foundation of religious training in our schools; as to denominational doctrines and forms, let each Church take care of that."[3)]

Dit sou hierby nie bly nie. Godsdiensonderwys sou weldra heeltemal uit die skoolrooster geweer word. In 1865 is dan ook deur die Wet van 1865 godsdienslose skole ingestel.[4)]

Net so het die Smutswet van 1907 ook nie-dogmatiese godsdiensonderwys ingevoer.

Die gesamentlike magte van die staat, skool en kerk is hoe langer hoe meer in diens van die Regering se angliseringsbeleid gestel, met die gevolg dat veral sedert 1840 die verengelsing van die Boerebevolking hand oor hand toegeneem het.[5)]

---

1. Pienaar: Die Triomf van Afrikaans, 43.
2. Malherbe: Education in South Africa, 82-83.
3. Venter: Die Verband tussen kerk en Skool, 38.
4. Greyling: Christelike en Nasionale Onderwys, Deel II,38.
5. Pienaar: a.w., 58.

In Julie 1853 is Parlementêre Bestuur aan die Kaap toegestaan. Art. 89 lui: „that all debates and discussions in the Legislative Council and House of Assembly respectively shall be conducted in the English language".[1)]

Hiermee is medeseggenskap in die landsbestuur dus definitief aan die Boer ontsê. Hierdie toestand van sake is tot 1882 gehandhaaf toe Hollands die eerste keer in die parlement toegelaat is.

Die gesindheid van die Afrikaner teenoor die owerheid as resultaat van anglisasie kan ook duidelik waargeneem word.

In die vyftigerjare was die ouer geslag reeds grotendeels vervang deur die nuwe geslag van Afrikaners, wat onder die Britse vlag gebore is. As gebore Britse onderdane het laasgenoemde dus vanself minder vreemd teenoor heersende Engelse toestande gestaan, omdat die vreemde juk nie meer in dieselfde mate as vroeër geskaaf het nie. Hierdie jonger geslag het algaande meer „broadminded" geword en derhalwe die veronregting van hulle taal nie meer so sterk gevoel nie, of in elk geval die oorheersende posisie van Engels min of meer lydelik aanvaar.[2)]

Die volgende aanhaling kan dien om die nuwe tydgees te skets:

> „Het is thans (1859) in die Kolonie alles Engelsch, en wy, hoe gekleefd aan de taal waarin wy opgevoed zyn, of welke wy onze moedertaal noemen, kunnen even zoo min de eb en vloed der zee, als beletten dat de Engelsche taal algemeen worde. In meest alle scholen maakt het Engelsch het hoofdonderwys uit....."[3)]

Die koloniale Afrikaner het oor die algemeen hegter aan die Britse kroon en trouer onderdane van die Britse ryk geword. Hierdie lojaliteit is duidelik openbaar tydens die besoek van prins Alfred aan die Kaap in 1860. Die geesdrif waarmee die besoeker ook deur die Afrikaners ontvang is, was

1. Eybers: Constitutional Documents, 55.
2. Pienaar: Die Triomf van Afrikaans, 61-62.
3. De Villiers: Die Hollandse Taalbeweging in S.Afr., 82.

tewens die bewys hoe geheg hulle reeds aan koningin Victoria was: „The hearty receptions which was accorded to the royal visitor, was sufficient to show, if such proof had been wanting, that the Dutch speaking Colonists were as thoroughly royal to Her Majesty the Queen as any people not of English descent could possibly be".[1)]

Hier het ons dus 'n bevestiging van wat Rose-Innes reeds so vroeg as 1829 opgemerk het, nl. dat „though yet elder Africanders keep a sore and sullen distance, let their sons and daughters move with the march of events".[2)]

Slegs 'n algehele ontwaking van die sluimerende Afrikaanse kultuurmagte sou in staat wees om hierdie stroom te keer.

(ii) Die Kerk.

Die kerk het gedurende hierdie periode beswaar gemaak teen sy anglisering deur Skotse predikante. Die verset hierteen was so beslis dat daar sedertdien van regeringsweë nie meer Skotse predikante ingevoer is nie, en daar net van plaaslike predikante gebruik gemaak is.[3)]

Op die 1842-sinode is die besluit van 1834 ten gunste van Engelse dienste herhaal. In 1847 is die Kort Begrip in Engels en in 1852 die liturgie vertaal. Selfs in die Groot Kerk van Kaapstad is in 1862 Engelse dienste ingevoer. Die platteland het ook nie aan die Engelse dienste ontkom nie, hoewel hulle aanvanklik vir Engelssprekendes gehou is. Op die manier was die platteland die behoud van die Hollandse karakter, waaruit ook nuwe belangstelling vir Hollands gebore is.[4)]

Die kerk, wat die saak van die onderwys voortdurend op die hart gedra het, het 'n poging aangewnnd om met die oprigting van 'n opleidingsinstituut in Kaapstad in 1849 in die kerklike behoeftes te voorsien. Dog dit het misluk. Eers in 1859 het die teologiese seminarium op Stellenbosch tot stand gekom. Die sinode van die Hollandse kerk het oor hierdie

---

1. Scholtz: Die Afrikaner en sy Taal, 105.
2. Pienaar: Die Triomf van Afrikaans, 62.
3. Scholtz: a.w., 97.
4. Ibid., 151.

belangrike stap reeds in 1847 besluit. Die dryfveer was die groot behoefte aan predikante, wat in die suiwere gees van hulle leer en geloofsoortuiging opgelei is.[1)]

d. Hoogtepunt van die Anglisasie-beleid en Afrikanerontwaking 1865-1905.

In hierdie afdeling word kerk, staat en skool saam bespreek, omdat die drie onafskeidelik aanmekaar verbonde is

Teen die sestigerjare het die verengelsing van die Kaapkolonie reeds sulke afmetings aangeneem dat dit vir die regering nie langer nodig was om rekening te hou met enige teenkanting wat nog hier en daar mog bestaan het nie.[2)]

In dieselfde tydperk het die verengelsing van die staatslewe sover gevorder dat die uitskakeling van Hollands tydens die toekenning van verantwoordelike bestuur in 1872 sonder meer as 'n vanselfsprekende feit aanvaar is.[3)]

Daarom kon al die halfslagtige konsessies van vroeër ten ppsigte van Hollands by die onderwys nou ook definitief herroep word. Die Hollandse lokaas was nie meer nodig nie. Dit het gebeur in die nuwe onderwyswet van 1865, waarvolgens geen skool in die toekoms enige regeringsteun sou ontvang nie, tensy aan die volgende voorwaardes voldoen word: „The medium of instruction in all First and Second Class Public Schools (hoofsaaklik plattelandse skole) it was to be introduced at the lapse of twelve months".[4)]

Hiermee word die Afrikanerkind dus, wat die staatskool betref, heeltemal van sy eersgeboortereg beroof. Van sy eie moedertaal was daar nie die minste sprake nie, want dit was niks meer as „a miserable bastard jargon" wat die naam van die taal nie eers werd was nie. Selfs die bietjie afskeep

---

1. Van den Heever en Pienaar: Die Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, Deel II, 314.
2. Pienaar: Die Triomf van Afrikaans, 64-65.
3. Hofmeyr en Reitz: Het Leven van Jan Hendrik Hofmeyr, 133.
4. Malherbe: Education in South Africa, 97.

„Dutch" wat darem nog op 'n manier tot dusver gegun is, is nou ook uit die skool geban. Dit was omstreeks hierdie tyd dat kennisgewings by openbare skole verskyn het: „it is forbidden to speak Dutch".[1)]
Dit het nadelige gevolge op die Afrikaner gehad.[2)]

Dit was nie net die staat wat deur middel van sy skole op die verengelsing van die jeug en die vernietiging van Hollands afgestuur het nie. Die beweging is ook onwrikbaar in die kerk gehandhaaf. Engelse dienste is in sommige Hollandse kerke vir Hollandssprekendes gehou en deur hulle eie predikante. Hollandse liederbundels, soos die Psalmboek en die Kinderharp, is deur bundels van Sankey en Bateman verdring. Die kerk het verder gegaan. Kerkskole is op Amerikaanse model gestig, onder andere die „Cape of Good Hope Seminary", die „Huguenot Seminary" en die Kaapse Normaalskool, waarin op die verwaarlosing van Hollands en die verspreiding van 'n onnasionale gees afgestuur is.[3)]

Hierdie toestand moes noodgedwonge in die Kaapse skoolwese ontwikkel, omdat die openbare eksamens soos die universiteits-, die onderwysers-, eie staatsdiens- en die skooleksamen die kandidate eenvoudig verplig het om Engels te leer en Hollands te verwaarloos of heeltemal te negeer. Die Engels georiënteerde eksamenstelsel het dus meegebring dat kandidate nagelaat het om Hollands te leer, want dit was gedwonge studie. Dit was dan ook geen wonder nie dat die onderwys van Hollands in die meeste skole, waar dit nog voorgekom het, bestaan het uit vertaalwerk, hoofsaaklik met die doel om die aanleer van Engels te vergemaklik.[4)]

---

1. (a) Pienaar: Die Triomf van Afrikaans, 65-66.
   (b) Nienaber: Die Genootskap van Regte Afrikaners, 26.
2. Ibid., 25-26.
3. (a) Scholtz: Die Afrikaner en sy Taal, 182-183.
   (b) Nienaber: a.w., 27.
4. Van Wyk: Die invloed van die Engelse Skoolwese....., 139-140.

Die gesamentlike uitwerking van al hierdie en ander faktore was dat die Afrikaner sy geestesgoedere, sy volk, sy taal en sy land gering geskat óf verag het. „Dutch" het 'n onaangename betekenis gekry: dit het 'n skeldnaam vir iets minderwaardigs geword.[1]

Soos reeds hierbo aangetoon, het eerbied vir die Britse gesag en vir Britse ideale by die Afrikaner al hoe meer gegeld bo trou aan die volksaard. 'n Geweldige skok was nodig om hierin verandering te weeg gebring.

Muir het gedurende die eerste helfte van sy superintendentskap sy anglisasie-masjinerie stap vir stap opgebou, om daarna sy anglisasiebeleid op stelselmatige wyse deur te voer. Hy het predikante, wat gedurende die Dale-regime so 'n belangrike rol gespeel het en wat op verafgeleë plekke 'n behoudende faktor vir die Hollands-Afrikaanse gedagte was, geleidelik opsy geskuif en sy taak uitgevoer deur middel van amptenare, inspekteurs en onderwysers, wat direk onder sy beheer gestaan het. Hy het verder deur middel van die skoolrade en verpligte onderwys die onderwysfasiliteite tot op die uithoeke van die Kolonie versprei en daardeur die kanse op anglisasie verhoog.[2]

Samevattend kan van die skoolwese wat metode, aard en omvang betref, gesê word dat die hele omskepping onder Britse invloed gestaan het.[3]

Die vraagstuk van plaaslike beheer, onder andere skoolrade, het prominent op die voorgrond getree, nadat daar in Engeland en Skotland deur die „Elementary Act" van 1870 en die Skotse onderwysakte van 1872 voorsiening gemaak is vir die verkiesing van skoolrade.[4]

Op sy beurt het die skoolradewet van 1905 in Kaapland gedien as model vir die Smutsonderwysweet van 1907. In dieselfde skoolradewet van 1905 in Kaapland is volgens model van die

---

1. Nienaber: Die Genootskap van Regte Afrikaners, 28.
2. Van Wyk: Die Invloed van die Engelse Skoolwese, 176.
3. McKerron: A History of Education in South Africa, 19.
4. Van Wyk: a.w., 183.

„Elementary Education Act" van 1870 in Engeland gehandel om ook verpligte onderwys toe te pas.[1]

Selfs godsdiensonderrig, wat 'n aktuele twisvraag geword het deur die 19de en tot in die 20ste eeu, het ook sy oorsprong in Engeland aan die begin van die 19de eeu gehad. As gevolg van die bestaan van die twee opposisieverenigings: „The British and Foreign Society" vir die Dissenters, Non-Conformiste en Radikaliste, en „The National Society" vir die Anglikane, het daar stryd ontstaan. Die „British and Foreign Society" moes terwille van die bediening van 'n gemengde gemeenskap voorsiening maak vir nie-sektariese godsdiensonderrig, terwyl „The National Society" in verset gekom het teen hierdie sogenaamde godsdiensneutraliteit. Namate die staat egter meer seggenskap verwerf het, is ook meer en meer voortbeweeg in die rigting van nie-sektariese onderwys, wat ook deur die „Elementary Education Act" van 1858 aanvaar is. Die ouer se reg om sy kind aan alle sektariese onderwys te onttrek, is deur ddie staat erken.[2]

In die Kaapkolonie is hierdie beginsel van nie-sektariese godsdiensonderrig deur die onderwyswet van 1865 gehandhaaf.[3]

Hierdie selfde bepaling is net so in die Smutswet van 1907 omlyn en bepaal.

Die Britse ideale het by baie Afrikaners hoe langer hoe meer gegeld, sodat die kultus van „loyalty" ook sy intrede in die onderwyswet van 1907 in Transvaal gemaak het.

---

1. Van Wyk: Die Invloed van die Engelse Skoolwese, 183.
2. Ibid., 186.
3. Du Toit: Onderwys in Kaapland, 96.